UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# EGOSTERKTE EN LOKUS VAN KONTROLE: 'N SISTEEMTEORETIESE STUDIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N OPVOEDKUNDIGE SENSITISERINGSHULPMIDDEL

**deur**

**ILSE DE BEER**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling**
**van die graad**

**DOCTOR PHILOSOPHIAE (SIELKUNDE)**

**aan die**

**FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**OKTOBER 1999**

© University of Pretoria

## VOORWOORD

In hierdie studie was twee navorsers betrokke by die ontwikkeling, samestelling en evaluering van 'n sensitiseringshulpmiddel. Die navorsers was van mening dat 'n substansiële bydrae op die gebied van persoonlikheidsontwikkeling deur hierdie spesifieke betrokkenheid gemaak kon word.

Die rykheid van die bydrae het daaruit gespruit dat daar vanuit twee (in plaas van een) verskillende persoonlikheidskonstrukte, naamlik lokus van kontrole (LVK) en egosterkte (ES) gewerk kon word. Die voordele van hierdie werkswyse was dat 'n groter veld van persoonlikheidsfunksionering deur dieselfde werkswyse gedek kon word, ooreenkomste en verskille verreken kon word (dus 'n kontrole funksie) en dat die geïdentifiseerde patroonkategorieë uit die konstrukte meer verteenwoordigend van persoonlikheidsfunksionering kon wees.

Beide navorsers en die besluitnemers van die akademiese instelling waar die studie geregistreer is, het tydens die beplanningsfase van die studie die waarde ingesien van 'n geïntegreerde werkswyse. Die dokumentering van die proefskrifte gebaseer op die navorsing, kan met 'n sistemies-gestruktureerde dinkskrum vergelyk word. Beplanning is gedoen deur 'n breë raamwerk daar te stel. Hierna is argumente of standpunte ingedeel en geformuleer. Hierdie proses van gesamentlike formulering was geweldig tydrowend, aangesien die twee navorsers met hulle verskillende denkstyle en uitdrukkingsvermoëns voortdurend die inligting en idees moes integreer tot voordeel van die studie.

Die gebruiklike akademiese vereistes van die Universiteit vir toekenning van die doktorale graad is egter dat elke navorser ook 'n unieke bydrae met betrekking tot die proefskrif moet lewer. Dit het die navorsers genoop om, afgesien van die gesamentlike navorsing, ook individuele bydraes te maak.

Die gekose konstrukte (ES en LVK) is teoreties bestudeer en word in Deel I uitvoerig uiteengesit. Hoewel beide navorsers hul vergewis het van die teoretiese begronding, is Deel I deur I. De Beer gefinaliseer. Die navorsingsprojek en evaluasie is eweneens die produk van beide navorsers se wetenskaplike ingesteldheid. Die afronding, soos uiteengesit in Deel II van die studie, oor die ontwikkeling en evaluasie van 'n

sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering, is egter deur R. Nel gefinaliseer. Twee afsonderlike titels is ook vir graaddoeleindes as Deel I en Deel II geregistreer, naamlik: *Egosterkte en lokus van kontrole: 'n Sisteemteoretiese studie vir die ontwikkeling van 'n opvoedkundige sensitiseringshulpmiddel* (Deel I), en *Die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering* (Deel II).

By nabetragting lê die grootste bydrae van die navorsingsproses egter steeds in die integrasie van die inligting en idees soos tydens die beplanning voorsien. Die studie, hoewel kompak aangebied, is hierdeur omvangryk en goed deurtrap: die sensitiseringshulpmiddel is ontwikkel, geëvalueer en ook in 'n bemarkbare formaat daargestel.

'n Werkswyse soos hierdie het hoë eise op interpersoonlike vlak aan die betrokke navorsers gestel. Die navorsers moes hul verskillende denkstyle en uitdrukkingsvermoëns voortdurend integreer om reg aan die studie te laat geskied. Beide se unieke persoonlikhede en omstandighede moes geakkommodeer word en logistieke probleme het bykomende druk gebring. Die persoonlike en akademiese voordele wat hierdie proses ingehou het, het egter die eise daarvan by verre oorskadu.

Navorsers: Ilse de Beer & Renché Nel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan die volgende persone vir hul hulp en ondersteuning tydens die studie:

- Dr. Carina Fiedeldey-Van Dijk, my promotor vir haar akademiese advies en uitstaande leiding deur die verloop van die studie
- Prof. Dave Beyers vir die finale afronding en tegniese ondersteuning
- Renché Nel, my mede-navorser wat die navorsingsproses voltooi het met die finalisering van die sensitiseringsprogram
- Elmarie de Bruyn vir haar toegewydheid met die tik van die proefskrif
- Mariëtte Kriel vir die taalversorging van die proefskrif
- My man Elardus, my kinders Louise, Johan, Leana en Kuun vir hul geduld, liefde en ondersteuning
- My vriendinne vir hul persoonlike belangstelling en in besonder Hennelie Pienaar vir haar onbaatsugtige hulp aan ons gesin gedurende die studiejare
- My Hemelse Vader wat alles moontlik gemaak het

OPSOMMING

EGOSTERKTE EN LOKUS VAN KONTROLE: 'N SISTEEMTEORETIESE STUDIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N OPVOEDKUNDIGE SENSITISERINGSHULPMIDDEL

KANDIDAAT: I. De Beer
DEPARTEMENT: Sielkunde
PROMOTOR: Dr. C. Fiedeldey-Van Dijk
GRAAD: Doctor Philosophiae

Die doel van hierdie studie was om 'n sensitiseringshulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering te ontwikkel. Dit kan dien as 'n hulpmiddel vir opvoeders wat dit kan aanwend as deel van hul opvoedkundige kennis. Die vaardighede wat hierdie hulpmiddel onderskryf, is daarop gerig om gesonde persoonlikheidsfunksionering te bevorder.

Die denkraamwerk van waaruit die navorsers gewerk het, was idealisties interpreterend met realisasie in die sisteemteorie. Die keuse van die denkraamwerk was gebaseer op die feit dat persoonlikheidsfunksionering oor die algemeen as multi-dimensioneel beskou word, asook dat persone voortdurend in interaksie is met ander persone. Mense funksioneer ook in veranderlike situasies en kontekste.

Twee persoonlikheidskonstrukte naamlik Lokus van Kontrole en Egosterkte is akademies ontleed en die resultate hiervan is geïntegreer. Alhoewel die keuse van die twee konstrukte arbitrêr was, was dit geregverdig op grond van praktykondervinding, uitgesproke behoeftes van ander opvoeders en die klem wat tans akademies op die twee konstrukte geplaas word.

Die totale studie soos uiteengesit in twee volumes (Deel I en Deel II) soos onderskeidelik gefinaliseer deur die navorsers, I. De Beer en R. Nel, was deurlopend gerig deur drie vlakke van data-ontleding. Op die eerste-orde-ontledingsvlak is die bestaande literatuur oor die twee konstrukte geëkstrapoleer. Die inligting is geïntegreer en 'n konsephulpmiddel is hieruit ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind deur

patroonkategorieë te skep met behulp van tweede-orde-ontleding. Die konsephulpmiddel het bestaan uit 'n gestruktureerde deel (vyf-puntskaal) en 'n semi-gestruktureerde deel (bydraes wat respondente spontaan moes genereer). Die konsephulpmiddel is aangebied aan 'n geselekteerde steekproef van 32 opvoeders naamlik ouers, onderwysers en sielkundiges. Die opvoeders het die hulpmiddel geëvalueer en ook hulle eie idees weergegee. Inligting wat hieruit verkry is, is in fokusgroepsessies bespreek en verfyn.

Die data wat hieruit verkry is, is kwalitatief ontleed, statisties verwerk, geïntegreer en as 'n konsephulpmiddel ontwikkel. Die konsephulpmiddel is deur opvoeders in die praktyk geëvalueer. Die finale hulpmiddel is in gebruikersvriendelike taal en vorm saamgestel. Hierna is die hulpmiddel teruggekoppel na die oorspronklike konstrukte waaruit dit ontwikkel is. Laastens is die studie en die hulpmiddel konseptueel in terme van die huidige stand van die sielkunde, asook binne die groter konteks van Suid-Afrika bespreek. Verskeie aanbevelings vir verdere navorsing is gemaak, soos byvoorbeeld om 'n werkboek saam te stel wat voorsiening maak vir die meting van die doeltreffendheid van die hulpmiddel, asook om die hulpmiddel vir groepe met unieke behoeftes toepasbaar te maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SUMMARY

EGO STRENGHT AND LOCUS OF CONTROL: A SYSTEMS THEORETICAL STUDY FOR THE DEVELOPMENT OF A SENSITIZATION AID FOR EDUCATION


| | |
|---|---|
| CANDIDATE: | I. De Beer |
| DEPARTMENT: | Psychology . |
| PROMOTER: | Dr. C. Fiedeldey-Van Dijk |
| DEGREE: | Doctor Philosophiae |



The aim of this study was to develop a sensitisation aid for healthy personality functioning. It can be used as an aid by educators who can utilize it as part of their educational knowledge. The skills that this aid underwrites are aimed at promoting healthy personality functioning.

The frame of reference used by the researchers was idealistic interpretation with realisation in the systems approach. The choice of the reference framework was based on the fact that personality functioning is in general, considered to be multi-dimensional and that people are continually interacting with others. People also function in variable situations and contexts.

Two personality constructs namely Locus of Control and Ego Strength were academically analysed and the results were integrated. Although the choice of constructs was arbitrary, they were justified on the grounds of experience obtained in practices, expressed needs from other educators and the emphasis currently placed on the two constructs by academics.

The completed study as explained in two volumes (Part I and II) and finalized by the researchers I. De Beer and R. Nel respectively, was conducted at three levels of data analysis. In the first-order analytical level, the existing literature on the constructs was extrapolated. This information was integrated and a concept aid was developed hereafter. This development was done by the creation of pattern categories with the aid of second-order analysis. The concept aid consisted of a structured section (a five point scale) and a semi-structured section (inputs that had to be generated spontaneously by respondents).

The concept aid was presented to a selected sample of 32 educators namely parents, teachers and psychologists. The educators evaluated the aid and also included their own ideas. The information gathered from this process was discussed and refined in focus groups.

The data that was acquired was quantitatively analysed and statistically processed and re-integrated as a concept aid. The concept aid was evaluated in practice by educators. The final aid was compiled in an user friendly language and format. Hereafter the researchers re-coupled the aid back to the original constructs from which it was derived. To conclude with, the study and the aid were discussed conceptually in terms of the current state in psychology as well as within the broader context of South Africa. Numerous recommendations for further research were made. Examples of these are the compilation of a workbook that provides for the measurement of the effectiveness of the aid and the adaptation of the aid to meet the requirements of groups with unique needs.

| SLEUTELBEGRIPPE | KEY CONCEPTS |
| --- | --- |
| Sensitiseringshulpmiddel | Sensitization aid |
| Opvoeder | Educator |
| Sisteembenadering | Systems approach |
| Voorkoming | Prevention |
| Ontwikkeling | Development |
| Persoonlikheidsfunksionering | Personality functioning |
| Funksionele gedrag | Functional behaviour |
| Gedragsmanifestasies | Behavioural manifestations |
| Persoonlikheidskonstrukte | Personality constructs |
| Egosterkte | Ego strength |
| Lokus van kontrole | Locus of control |

# INHOUDSOPGAWE

## DEEL I

BLADSY

### HOOFSTUK 1
### INLEIDING TOT DIE STUDIE


1.1 Motivering tot die studie 1
1.2 Doel met die studie 3
1.3 Sleutelbegrippe 7
1.4 Die idealistiese interpreterende denkraamwerk 11
1.5 Motivering vir die gekose konstrukte van persoonlikheidsfunksionering 13
1.6 Die verloop van die studie 14
1.7 Slot 16


### AFDELING A: HOOFSTUK 2
### DIE PROSES VAN INLIGTINGSONDERSOEK


2.1 Inleiding 17
2.2 Die rasionaal vir die ondersoekproses 17
2.2.1 Eerste-orde-ontleding: Eksplorering van bestaande literatuur 19
2.2.2 Tweede-orde-ontleding: Groepering, hergroepering en herskepping 21
2.2.3 Derde-orde-ontleding: Metakonteks 22
2.3 Motivering vir die gebruik van die navorsingsmetode 24
2.4 Samevatting 26


### HOOFSTUK 3
### ‘N SISTEMIESE ONDERSOEK NA DIE KONSTRUK LOKUS VAN KONTROLE (LVK)


3.1 Inleiding en strukturering van die hoofstuk 27
3.2 LVK binne konteks van die sisteembenadering 28
3.3 ‘n Voorbeeld van die konstruk van LVK soos wat dit in die daaglikse lewe van persone kan manifesteer 29

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 3.4 | Die gedefinieerde konstruk soos in die bestaande literatuur beskryf en 'n kritiese beskouing daarvan vanuit die sisteembenadering | 34 |
| 3.5 | 'n Ondersoek na die LVK-konstruk vanuit verskeie invalshoeke | 37 |
| | 3.5.1 Die digotome aard van die konstruk | 37 |
| | 3.5.2 'n Analise van die idees waaruit die konstruk LVK bestaan | 40 |
| | 3.5.3 LVK binne begrensing van die medebepalende aspekte van die sisteem | 45 |
| | 3.5.4 Konstrukte van die persoonlikheidstruktuur | 45 |
| | 3.5.5 Interpsigiese prosesse van die sisteem | 46 |
| | 3.5.6 Samevatting van die verskillende invalshoeke | 47 |
| 3.6 | Samevatting | 48 |


## HOOFSTUK 4

## EGOSTERKTE (ES) VANUIT 'N SISTEMIESE PERSPEKTIEF


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 50 |
| 4.2 | Egosterkte binne verskeie sielkundige perspektiewe | 51 |
| | 4.2.1 Psigo-analitiese perspektief | 51 |
| | 4.2.2 Ontwikkelingsperspektief | 54 |
| | 4.2.3 Sistemiese perspektief | 55 |
| 4.3 | Sistemiese uitgangspunte | 56 |
| 4.4 | Omskrywing van die konstruk egosterkte | 59 |
| | 4.4.1 Die funksies en gedragsmanifestasies van egosterkte | 61 |
| | 4.4.1.1 Die funksies van egosterkte | 62 |
| | 4.4.1.2 Die gedragsmanifestasies van egosterkte | 66 |
| | 4.4.1.3 Samevatting | 69 |
| | 4.4.2 Die interaksionele werking van die funksies en gedragsmanifestasies | 69 |
| | 4.4.3 Polarisering van egofunksionering | 74 |
| 4.5 | 'n Praktiese voorbeeld wat verband hou met die egosterktekonstruk | 75 |
| 4.6 | Samevatting | 78 |

**BLADSY**

**AFDELING B: HOOFSTUK 5**

**GROEPERING VAN LVK EN ES IN NUWE PATROONKATEGORIEë**


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 79 |
| 5.2 | Tweede-orde-ontleding: Hergroepering en herskepping | 80 |
| 5.3 | Samevatting | 83 |

BIBLIOGRAFIE 85


LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 3.5.2 | Funksies van LVK tesame met die outeurs daarvan | 44 |
| Tabel 4.4.1.1 | Funksies van ES | 65 |
| Tabel 4.4.1.2 | Gedragsmanifestasies van ES | 68 |
| Tabel 5.2.1 | Groepering van bydraes | 81 |
| Tabel 5.2.2 | 'n Samevatting van die afsonderlike gedragsmanifestasies van die konsensuele bydraes en diverse bydraes | 82 |


LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 2.2.1 | 'n Oorsig van die datatransformasieproses | 19 |
| Figuur 2.2.2 | Stappe van data-ontleding | 23 |
| Figuur 4.4.2.1 | Egosterkte | 70 |
| Figuur 4.4.2.2 | Psigiese funksionering | 71 |
| Figuur 4.4.2.3 | Sisteemvoorstelling | 72 |
| Figuur 4.4.2.4 | Kompleksiteit van 'n sisteem se interaksies | 73 |

**DEEL II**

**RENCHÉ NEL**

**DIE ONTWIKKELING EN EVALUASIE VAN 'N SENSITISERINGSHULPMIDDEL VIR OPVOEDERS IN GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING**

**BLADSY**

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN OORSIG: TEORETIESE ONDERBOU

1.1 Inleiding 1
1.2 Oorsig van Deel I 1

## HOOFSTUK 2

## NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

2.1 Inleiding 3
2.2 Paradigmatiese begronding 5
2.3 Formulering van empiriese doelstellings 10
2.4 Navorsingsontwerp 11
2.4.1 Ontwikkeling van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp 12
2.4.1.1 Steekproefneming 12
2.4.1.2 Data-insameling 14
2.4.1.3 Data-ontleding 14
2.4.2 Evaluasie van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp 15
2.4.2.1 Steekproefneming 15
2.4.2.2 Data-insameling 16
2.4.2.3 Data-ontleding 16
2.5 Geldigheidsverklaring van die hulpmiddel 16
2.6 Samevatting 18

## HOOFSTUK 3

## STATISTIESE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA

7.1 Inleiding 19

7.2 Posisionering ten opsigte van ontwikkeling 19
7.3 Respondenteprofiel: Ten opsigte van ontwikkeling 20
7.4 Kwalitatiewe integrasie: Ten opsigte van ontwikkeling 21
7.5 Doelstellings en statistiese aannames: Ten opsigte van ontwikkeling 24
7.6 Statistiese resultate ten opsigte van die doelstellings van die statistiek: Ontwikkeling 26
7.7 Inleiding: Posisionering ten opsigte van die hulpmiddel evaluasie 35
3.8 Respondenteprofiel: Evaluasie van die hulpmiddel 36
3.9 Kwalitatiewe ontleding en integrasie: Evaluasie van hulpmiddel 37
    3.9.1 Opvoeders se insette 37
    3.9.2 Hoërskool kinders se insette 40
3.10 Samevatting 42

## HOOFSTUK 4

## DIE FINALISERING VAN 'N SENSITISERINGSHULPMIDDEL VIR OPVOEDERS VAN GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

4.1 Inleiding 43
4.2 Sistemiese begronding van die ses sambreelbegrippe 43
4.3 Toepassing van die hulpmiddel in die praktyk 45
    4.3.1 Toepassingsaspekte 46
        8.3.1.1 Populêre weergawe van die ontwikkelde inhoud 46
        8.3.1.2 Aanwending van Die Sambreelboek van Welwees 50
4.4 Die Sambreelboek van Welwees 53
4.5 Samevatting 101

## HOOFSTUK 5

## KOPPELING TUSSEN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL EN LVK EN ES

9.1 Inleiding 102
9.2 Die terugkoppeling tussen die opvoedkundige hulpmiddel en lokus van kontrole 102
9.3 Die terugkoppeling tussen die opvoedkundige hulpmiddel en egosterkte 104

5.4 Koppeling met ander persoonlikheidskonstrukte 105
5.5 Samevatting 107

**HOOFSTUK 6**

**SAMEVATTING VAN DIE STUDIE**

6.1 Inleiding 108
6.2 Konteksplasing van die studie 108
6.3 'n Kritiese bespreking van die aard en die doel van die navorsing 109
6.4 Aanbevelings 111
6.5 Slot 112

BIBLIOGRAFIE 85

BYLAES:

Bylae A: Evaluasie van 'n konsephulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering 125
Bylae B: Biografiese gegewens van fokusgroepe 147
Bylae C: Verklaring van kodering 150
Bylae D: Volledige lys van die items soos deur die spontane bydraes gegenereer 162
Bylae E: 'n Volledige lys van die gemiddeldes en standaardafwykings van die items van die vyf-puntskaal en die frekwensies van die spontane bydraes 187
Bylae F: Die gegenereerde items van die vyf-puntskaal en spontane bydraes volgens rangordes 189
Bylae G: 'n Voorbeeld van die navorsers se ooreenstemming en verskil in die interpretasie van spesifieke items in 'n bepaalde tema en sub-temas 191
Bylae H: Brief aan opvoeders 192
Bylae I: Vraelys aan opvoeders 193
Bylae J: Vraelys aan leerlinge 199

**BLADSY**

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.4.1.1.1: Uiteensetting van respondente 14
Tabel 3.3.1: Datastelle 20
Tabel 3.6.1: Temas en sub-temas 27
Tabel 3.6.2: Rangorde van die gekombineerde items in temas en sub-temas 29
Tabel 3.8.1: Evalueerdersprofiel 36

LYS VAN FIGURE

Figuur 3.4.1: Skematiese voorstelling van die integrasieproses 23
Figuur 3.9.1: Grafiese voorstelling voor aanpassing in die konsephulpmiddel 39
Figuur 3.9.2: Grafiese voorstelling na aanpassing in die finale hulpmiddel 39

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT DIE STUDIE

## 1.1 MOTIVERING TOT DIE STUDIE

'n Hedendaagse tendens is dat sielkundiges toenemend weg beweeg van 'n een-tot-een verhouding in terapie en navorsing, na 'n meer *gemeenskapsgerigte* model. Dit word onder andere genoodsaak deur die eise van die dag, soos die demografiese verspreiding van kliënte, werknemers en respondente en finansiële realiteite. Navorsers soos Erchul en Schulte (in Erchul, 1993) het gesê dat sielkundiges nie langer beperk word deur die tradisionele rol van konseptualisering van 'n kliënt se interne patologie en die voorsiening van psigoterapie nie.

Hiermee saam het die tradisionele sielkunde die siening van gesonde persoonlikheid dikwels verskraal tot 'n siening dat die afwesigheid van ernstige patologie 'n aanduiding is van gesonde persoonlikheid. Die bestuur van die Wêreld Gesondheidsorganisasie stel dit as volg: "Health is a state of complete physical, mental, and social well-being and is not merely the absence of disease and infirmity" (Felner, Leonard, Moritsugu & Faber, 1983, 221).

In hierdie verband het Millon (1973) verklaar dat die siektemodel relatief min gewig dra onder ingeligte psigiaters en sielkundiges. Toenemend, beide in geneeskunde en in psigiatrie, word siektetoestande en versteuring gekonseptualiseer in terme van 'n pasiënt of persoon se totale vermoë om die stres wat hy/sy in die gesig staar, te kan hanteer. Volgens Millon (1973) is psigologiese ongesteldheid tot 'n mindere mate die produk van 'n indringende psigiese stremming of probleme, en eerder 'n wanbalans of disfunksie in die algemene vermoë van 'n persoon om sy/haar psigologiese omgewing effektief te kan hanteer. Die individu se totale persoonlikheidsfunksionering is dus die fondasie vir sy/haar vermoë om breedweg op 'n geestesgesonde of geestesongesonde wyse te funksioneer.

Hierdie denkrigting het in 1978 die stigting van die Divisie van Gesondheidsielkunde in die VSA tot gevolg gehad. Hierdie divisie (APA Division 38, 1981) het gesondheidsielkunde as volg gedefinieër: "Health Psychology is the aggregate of the specific educational, scientific and professional contributions of the discipline of psychology to the promotion and maintenance of health, the prevention and treatment of illness, the identification of etiologic and diagnostic correlates of health and illness and related disfunction, and to the analysis and improvement of the health care system and health policy formation".

Die idee van voorkoming van patologie en bevordering van algemene geestesgesondheid het in 1963 momentum gekry toe president John F. Kennedy by die Unites States Congress on Mental Health and Mental Retardation, die volgende verklaar het: "... prevention is far more desirable for all concerned. It is far more economical and it is far more likely to be successful. Prevention will require both selected specific programs directed especially at known causes, and the strenghening of our fundamental community, social welfare, and vocational programs which can do much to eliminate or correct the harsh environmental conditions which often are associated with mental retardation and mental illness" (Price, Ketterer, Bader & Monahan, 1980, 9).

Outeurs soos Bower en Caplan het reeds in 1961 die idee van "... primary prevention ..." beskryf (1961, 4). Caplan het laasgenoemde beskryf as 'n intervensie wat daarop gerig is om die risiko by mense om patologie te ontwikkel, te minimaliseer. Volgens Bower omsluit dit aksies waarin sosiale kragte in die samelewing aangewend word wat die ontwikkelingspotensiaal van die mens as rasionele, kreatiewe en selfaktualiserende organisme aanmoedig. In aansluiting hierby het Nahemow en Mann (in Frank, 1982) primêre voorkoming in geestesgesondheid lineêr beskryf as aksies wat geneem word voor die ontstaan van 'n geestesongesteldheid deur die moontlike oorsake van die ongesteldheid te ondervang of te korrigeer.

Die huidige navorsers ondersteun die idee van voorkoming as bydraend tot gesonde persoonlikheidsfunksionering wat deel vorm van geestesgesondheid. In bogenoemde verband werk die huidige navorsers vanuit die sisteembenadering sodat sosiale kragte in die breë sin betrek kan word by geestesgesondheid. Dit geskied deur die gebruikmaking van aandeelhouers, soos konsultante wat kliënte help, en die inkorporering van nuwe aannames, modelle en tegnieke om sielkundige probleme te voorkom in 'n groter kliënte populasie.

## 1.2 DOEL MET DIE STUDIE

Die studie waarin 'n sensitiseringshulpmiddel ontwikkel en evalueer sal word, spruit voort uit 'n vermoede wat gegroei het uit die twee navorsers se praktykondervinding. Die twee navorsers wat hierdie omvattende studie onderneem het, is I. De Beer en R. Nel. Beide navorsers het ervaar dat wanneer hulle as sielkundiges met verskillende tipes kliënte werk, die innerlike sterktes (persoonlikheidskonstrukte wat 'n bydrae lewer tot geestesgesondheid) waaroor kliënte beskik, 'n groot invloed op hulle persoonlikheidsfunksionering (huidiglik) en hul prognose (toekomstig) het. Die navorsers het hierdie vermoede met ander professionele persone binne die sosiale wetenskappe by wyse van informele gesprekvoering bevestig. In aansluiting by bogenoemde het die navorsers ook ervaar dat die meeste van die idees (konsepte en konstrukte) wat 'n bydrae tot gesonde persoonlikheidsfunksionering maak, nie sonder verkonkretisering na byvoorbeeld gedragsmanifestasies, toeganklik is vir die breë publiek nie.

Die doel met die ontwikkeling en evaluering van die spesifieke sensitiseringshulpmiddel is dat dit moet spreek tot die algemene persoon eerder as tot gespesialiseerde teikengroepe, vir wie daar reeds 'n verskeidenheid programme en hulpmiddels bestaan. Laasgenoemde groepe word meer geredelik blootgestel aan gevorderde materiaal wat 'n invloed op hul ontwikkeling en vlak van funksionering het. Die navorsers is van mening dat daar 'n betekenisvol-groot poel van mense is wat selde, indien ooit, in hul daaglikse omgang akademiese materiaal van redelike formaat bestudeer.

Die hedendaagse mens se lewenswyse word gekenmerk deur 'n tydsdruk-faktor. Baie mense is in 'n oorlewingskrisis, wat tyd en energie vir selfstudie en selfontwikkeling beperk. Hierdie tipe lewenspatroon verskraal mense se geleenthede tot groei en verryking. Die gevolg hiervan is dat hulle dikwels minder toegerus is vir die eise van die lewe. Daarby is baie mense oormoeg en oorwerk en het hulle bloot nie genoeg energie oor om insette te maak in omvangryke akademiese programme, werksboeke en kursusse nie. Om die genoemde probleem te ondervang, het die navorsers juis gepoog om weg te beweeg van die tradisionele werksprogram in informele formaat, na 'n gebruikersvriendelike, *spreuk-teen-die-yskas*-hulpmiddel. Die taak van hierdie studie lê dus daarin om akademies gefundeerde materiaal in 'n populêre idioom te kan aanbied.

Die navorsers is verder van mening dat 'n groot aantal mense vanweë genoemde tendense oorwegend konkreet-prakties ingestel is. Hierdie persone vind waarskynlik meer aansluiting by simplistiese en direk-toepasbare hulpmiddels, eerder as by veeleisende intellektuele relase. Die navorsers se doel was dus by uitstek om 'n akademies verantwoordbare hulpmiddel daar te stel wat mense binne die genoemde realiteit van ons tyd stimuleer tot gedragsaksies en nadenke ter bevordering van gesonde persoonlikheidsfunksionering.

Die navorsers gee volle erkenning daaraan dat verskeie effektiewe programme en hulpmiddels in die mark bestaan, soos die bekende, goed geformuleerde en geïntegreerde program van S.R. Covey, wat saamhang met sy topverkoper boeke *The seven Habits of Highly Effective People* (1989) en *Principle Centered Leadership* (1990). Die vraag kan tereg gevra word waarom hierdie studie dan nodig was.

Die navorsers is van mening dat die effektiwiteit van sodanige programme daarin lê dat dit vir spesifieke teikenmarkte ontwikkel is. Die navorsers het gevind dat baie van die bestaande programme en hulpmiddels oor gesonde persoonlikheidsfunksionering op die volwassemark gerig is. Verskeie outeurs, soos Antonovsky (1979; 1987), Covey (1989; 1990), Rosenbaum (1990) en

Strümpfer (1995) se bydraes in hierdie verband is hoofsaaklik ten opsigte van volwassenes. Die vlak van persoonlikheidsfunksionering, wat ontwikkelingsmatig gekoppel is, is noodwendig in die bestaande suksesvolle programme ondervang.

Die vroegtydige stimulering en ontwikkeling van persoonlikheidsfunksionering (reeds van 'n jong ouderdom af) is van kardinale belang tot die bevordering van gesonde volwasse persoonlikheidsfunksionering. Dit is dus van belang om hulpmiddels daar te stel wat op alle ontwikkelingvlakke 'n bydrae kan maak. Die implikasie is dat wanneer hierdie programme buite hul teikenmarkte gebruik word, hulle nie ten volle tot hul reg kom nie. Dit spreek vanself dat programme aangebied word in 'n formaat wat aantreklik is vir die bepaalde teikenmark en dus nie noodwendig tot persone buite die geteikende ontwikkelingsvlak spreek nie. Die huidige navorsers sien dus 'n aanvullende taak in opvoedkundige verband.

Caplan (1974, 1989) het hierdie opvoedingstaak rakende die daarstelling en handhawing van gesonde persoonlikheidsfunksionering (innerlike sterktes) beskryf as die aanleer van vaardighede om persoonlikheidsbevoegdhede te verhoog. Bevoegdhede in hierdie sin dra daartoe by om mense se weerbaarheid teen stressors te verhoog asook om hul toe te rus om die eise en uitdagings van hul lewens beter te kan hanteer. In aansluiting by bogenoemde het Kane (1982) bevestig dat primêre voorkomingsvaardighede aangeleer kan word. Hy het hierdie opvoedingstaak onderskei as:

* Ondersteuning
* Opleiding in probleemoplossende- en interpersoonlike vaardighede
* Leiding in antisipering van probleme
* Die bewusmaking van die behoefte aan innerlike sterktes.

Die genoemde outeurs belig 'n belangrike beginsel van primêre voorkoming, naamlik dat die basis hiervan opvoedkundig is. Gevolglik moet toepaslike didaktiese oogmerke geformuleer word. Verder moet instrumente om hierdie oogmerke te bereik, ontwikkel word en opvoeders moet gesensitiseer en toegerus

word in die verstaan en gebruik van bogenoemde. Verskeie opvoeders behoort betrek te word in hierdie opvoedingstaak.

Laasgenoemde gedagte word ondersteun deur Felner *et al.* (1983). Volgens die genoemde outeurs kan sielkundiges se bydraes lê in die versterking van ander professionele en nie-professionele opvoeders (aandeelhouers) se vermoëns en vaardighede. Dit kan gedoen word deur aandeelhouers te voorsien van toepaslike kennis deur sinvolle alternatiewe soos hulpmiddels en programme daar te stel, waardeur gesonde persoonlikheidsfunksionering bevorder kan word.

In die meer kontemporêre literatuur word verskeie voorbeelde gevind van navorsers wat daaraan erkenning gegee het dat psigiese sterkte by mense kan verskil in graad en aard (Kobasa, 1979; Antonovsky, 1982; Rosenbaum, 1990; Strümpfer, 1995). 'n Voorbeeld van sodanige sterkte word gevind in die begrip *salutogenese* wat volgens Antonovsky (1987) in 'n koherensiefaktor van psigiese weerbaarheid uitgedruk kan word. Volgens Antonovsky (1987) hang 'n persoon se koherensiefaktor van die volgende drie vermoëns af:

- Die mate waartoe 'n persoon stimuli van buite en binne as verklaarbaar en voorspelbaar kan waarneem (begryplikheid).
- Die mate waartoe 'n persoon gebeurlikhede van sy lewe kan verdra, hanteer of beter nog, as 'n uitdaging beskou. Daarmee saam die vermoë van 'n persoon om hulpbronne te kan indentifiseer en gebruik (beheerbaarheid).
- Die mate waartoe die persoon op emosionele vlak die lewe as waardevol beskou. Sodanige persoon sien die lewe as 'n uitdaging wat die moeite werd is om aan te pak en energie daaraan te bestee (betekenisvolheid).

'n Verdere ontwikkeling van Antonovsky (1987) se weerbaarheidsbeginsel is die begrip *fortigenese* van Strümpfer (1995). Hierdie begrip dui op 'n meer omvattende psigiese krag in die algemeen. Strümpfer (1995) wys sterk daarop dat psigiese krag aangeleer word deur opvoeding, werk-, of ander ervarings, soos militêre blootstelling.

Die huidige navorsers vind aansluiting by die idees van bogenoemde outeurs. Die feit dat die *hoe* van die verkryging van bogenoemde vermoëns nie op 'n konkrete wyse deur die outeurs aangespreek word nie, skep 'n leemte vir diegene wat streef na die ontwikkeling en uitbreiding daarvan. Daar word dus baie geskryf oor die werker, soldaat, opvoeder, ensovoorts se psigiese krag en weerbaarheidsvermoëns, maar min is gedoen ten opsigte van die fasilitering op die vlak van uitvoerbaarheid daarvan. Die navorsers wil hierdie leemte aanspreek deur 'n praktiese hulpmiddel vir dié doel te ontwikkel.

Operasioneel sien die navorsers die oorkoepelende doelstellings met die studie as die:

- Identifisering van innerlike sterktes (ook bekend as persoonlikheidskonstrukte) wat gesonde persoonlikheidsfunksionering kan bevorder
- Formulering van persoonlikheidskonstrukte in gebruikersvriendelike taal om toeganklikheid hiertoe vir die algemene persoon te verhoog
- Ontwikkeling van 'n instrument wat opvoeders kan help - in hierdie verband sal 'n sensitiseringshulpmiddel ontwikkel en geëvalueer word
- Die evaluering van die konsephulpmiddel deur opvoeders in praktyk
- Die finalisering van die sensitiseringshulpmiddel
- Sensitiseringshulpmiddel wat só ontwikkel moet word dat dit kontekssensitief sal wees en die effek daarvan sistemies uitkringend van aard kan wees.

## 1.3 SLEUTELBEGRIPPE

Dit kan nie anders as om sleutelbegrippe, trouens, die hele studie teen 'n bepaalde paradigma te verken nie. Die navorsers het bewustelik gekies om die sleutelbegrippe en die studie te beskryf binne 'n idealistiese interpreterende raamwerk, waarvoor die redes in paragraaf 1.4 en die daaropvolgende hoofstukke duidelik sal blyk. Binne hierdie navorsingskonteks is daar bepaalde sleutelbegrippe wat belig moet word omdat persoonlikheidsfunkionering kompleks van aard is en die sistemiese paradigma hierby aanklank vind. Die

volgende sleutelbegrippe vorm deel van die raamwerk waarbinne die studie plaasgevind het:

i. Persoonlikheidsfunksionering
ii. Funksionele gedrag
iii. Sensitiseringshulpmiddel
iv. Opvoeder

Vanuit die huidige navorsers se paradigma, naamlik dat die genoemde sleutelbegrippe slegs 'n versameling van idees is, sal die sleutelbegrippe nie op sigself gedefinieer word nie, maar beredeneer word. Hierdie proses is geskoei op die navorsers se uitgangspunt dat konstruksies (idees oor die sleutelbegrippe) kompleks is en nie simplisties of enkelvoudig verklaar kan word nie. 'n Verdere uitgangspunt is dat bestaande definisies slegs konstruksies is in ooreenstemming met die denkraamwerk van waaruit dit geskryf is. Die implikasie is dat elke idee 'n greep van die potensiële geheel verteenwoordig. Die sinvolheid van die beredeneringsproses lê daarin dat 'n veelheid van *waarhede* gereflekteer word. Omvattende begripsvorming kan sodoende tot stand kom.

i. Die sleutelbegrip *persoonlikheidsfunksionering* word in die literatuur as volg gedefineer en beredeneer:

   * Volgens Allport (1961) is persoonlikheid 'n dinamiese organisasie van sielkundige sisteme binne die individu wat die persoon se kenmerkende gedrag en denke bepaal. Wat vir die huidige navorsers hier van belang is, is dat Allport 'n dinamiese karakter aan persoonlikheid toedig asook dat hy erkenning gee aan georganiseerde veelhede wat persoonlikheid daarstel.
   * Mischel (1976) beskryf persoonlikheid as bestaande uit onderskeibare patrone van gedrag (wat denke en emosie insluit) en wat deur die individu se aanpassing in sy lewensituasie gereflekteer word. Die belang van hierdie siening van Mischel is dat hy sê dat gedrag in patrone voorkom. Hy plaas ook persoonlikheid binne sosiale konteks deurdat hy dit as 'n sosiale aanpassingsmeganisme beskryf het.

- Sanford (1970) beklemtoon prosesse deurdat hy persoonlikheid beskryf as 'n organisasie wat 'n mate van kontinuïteit handhaaf tesame met verandering wat daarbinne kan plaasvind. Die belang van Sanford se bydrae is tweeledig. Eerstens laat dit ruimte tot interpretasie deurdat hy persoonlikheid in terme van 'n ongedefinieerde organisasie beskryf. Hierdeur verkry die leser die vryheid om sodanige organisasie binne sy/haar paradigma te interpreteer. Tweedens is Sanford (1970) se definisie ook vir die huidige navorsers van belang deurdat dit die idee van stabiliteit binne verandering erken. Persoonlikheidsfunksionering is dus kompleks van aard en kan dus nie enkelvoudig en simplisties verklaar word nie.
- In die bekende definisie van Kluckholn en Murray (1948) word persoonlikheid beskryf as dit wat:
  (a) Gemeenskaplik aan alle mense is
  (b) In ooreenstemming met sommige mense is
  (c) Uniek aan die individu is.

  Die bydrae van die genoemde outeurs lê daarin dat hulle definisie die unieke sowel as die gedeelde aard van persoonlikheid, belig.
- Maddi (1980) definieer persoonlikheid as 'n stabiele stel karaktereienskappe en neigings wat gemeenskaplikhede en verskille in gedrag, denke en gevoelens van mense mede-bepaal. Voorts sê Maddi dat hierdie eienskappe en neigings kontinu is oor tyd en verder dat persoonlikheid nie maklik verklaar kan word as die enkel resultaat van sosiale en biologiese druk van die oomblik nie. Die belang van Maddi se bydrae vir die huidige navorsers lê in die karaktereienskappe-idee. Hierdie eienskappe lê die basis van 'n persoon se gedrag. Dit spreek dus dat 'n konstruktiewe bydrae tot die vorming van hierdie eienskappe, tot persone se voordeel kan wees. Die navorsers erken dat hierdie eienskappe 'n dinamiese aard het en is van mening dat hierdie aard nie rigied beskou moet word asof verandering en/of groei oor tyd nie kan plaasvind nie.

Voorts maak die navorsers 'n afleiding uit Maddi se definisie dat persoonlikheidsorganisasie en –funksionering kompleks van aard is. Vanuit die sistemiese paradigma word aanklank by bogenoemde idee gevind.

Die huidige navorsers, met inagneming van al die bogenoemde idees, kom tot die gevolgtrekking dat die volgende aspekte minstens van belang is by persoonlikheidsfunksionering:

- Persoonlikheid het 'n wederkerige invloed op 'n persoon se gedrag, emosies en denke
- Persoonlikheid word gevorm deur verskeie aspekte en invloede, soos byvoorbeeld genetiese ladings en sosiale invloede en konteks
- Persoonlikheidsfunksionering is kompleks van aard
- Binne die persoonlikheid kan verskeie karaktereienskappe onderskei word
- Persone het gemeenskaplike sowel as individuele karaktereienskappe
- Die organisasie van hierdie eienskappe is uniek aan elke individu
- Karaktereienskappe is dinamies van aard, met ander woorde groei en verandering kan plaasvind terwyl stabiliteit gehandhaaf word

ii. Die sleutelbegrip *funksionele gedrag* is ontleen vanuit die sisteembenadering waaruit die huidige navorsers werk. Binne hierdie benadering word die effektiwiteit van gedrag beoordeel aan die funksionaliteit daarvan (Minuchin, 1974). Enige aksie wat 'n individu uitvoer kan dus gesien word as 'n funksionele gedragseenheid (gedragsmanifestasie). Gedrag is dan 'n reeks funksionele aksies; 'n versamelterm vir 'n groep aksies wat op 'n spesifieke wyse aan mekaar verbind is.

Vanuit die sisteembenadering kan gedrag gevorm word deur patrone van interaksie binne verskillende kontekste. Die interaksionele patrone word gerig deur beide universele- en idiosinkratiese reëls wat binne verskillende

kontekste toegepas word (Minuchin, 1974). Hiervolgens kan gedrag binne 'n bepaalde konteks as *normaal* beskou word, maar in 'n ander konteks as *abnormaal*. Die tradisionele siening dat gedrag normaal of abnormaal, siek of gesond, reg of verkeerd kan wees, is volgens die huidige navorsers 'n verskraalde beeld van gedrag. Dit is vir die huidige navosers meer sinvol om gedrag te beskryf in terme van die funksionele effektiwiteit daarvan binne 'n bepaalde konteks.

iii. Die sleutelbegrip *sensitiseringshulpmiddel* word deur die navorsers gesien as 'n hulpmiddel wat by wyse van die oordraging van inligting en kennis persone moet bewus maak van 'n bepaalde saak. Die hulpmiddel moet verder die persoon se sensitiwiteit en ingesteldheid tot die bepaalde saak verhoog en gedrag in hierdie verband aktiveer.

iv. *Opvoeders* word deur die navorsers beskou as diegene wat te make het met die ontwikkeling van bewustheid, sensitiwiteit, kennis, houdings, gewoontes, waardes en karaktereienskappe deur middel van formele en nie-formele onderrig. Na verwagting sal hierdie *toegeruste opvoeders* se kennis en ingesteldheid deursyfer na diegene wat in hulle invloedsfeer staan. Hierdie verwagting word gegrond op die feit dat opvoeders reeds in 'n formele opvoedingstaak staan en dus ingestel behoort te wees op die verbreeding van hul kennis en vaardighede in hierdie verband.

Met bogenoemde sleutelbegrippe as gedeeltelike raamwerk sal vervolgens die keuse van die uitgangspunt van die studie bespreek word, aangesien laasgenoemde die raamwerk van die studie teoreties bed en anker.

## 1.4 DIE IDEALISTIESE INTERPRETERENDE DENKRAAMWERK

Die idealistiese interpreterende denkraamwerk is as die basiese uitgangspunt van hierdie navorsing gebruik. Hierdie denkraamwerk omsluit verskeie benaderings soos die sisteembenadering, die konstruktivisme, die hermeneutiek en andere

waarvan sommige deur die verloop van hierdie studie gebruik en gemotiveer word.

Kenmerkende fokuspunte van bogenoemde denkraamwerk, waarby die huidige navorsers sterk aanklank vind, is die volgende:

i. Fokuspunt 1: Die toepassingswaarde van 'n hulpmiddel word beïnvloed deur die *konteks* waarbinne dit ontwikkel word. So byvoorbeeld is dit nie sinvol om 'n opvoedkundige hulpmiddel los van die opvoedkundige konteks waarbinne dit aangewend gaan word, te ontwikkel nie (Minuchin, 1974).

ii. Fokuspunt 2: 'n Belangrike basis vir hulpmiddelontwikkeling is om sinvol in *interaksie* te tree met die aandeelhouers daarvan. In lyn met hierdie uitgangspunt is die hulpmiddel in samewerking met ander opvoeders (aandeelhouers) ontwikkel, sodat 'n ryker en meer verteenwoordigende inhoud verkry kon word. Verder voorsien die huidige navorsers dat die beginsel van interaksie aanleiding sal gee tot 'n uitkringende effek wanneer die hulpmiddel formeel toegepas word (Hanson, 1995).

iii. Fokuspunt 3: *Groei en verandering* binne 'n sisteem kan enige tyd plaasvind (Haley, 1980). Die hulpmiddel kan dus 'n betekenisvolle impak op 'n sisteem maak ongeag die ontwikkelingsvlak van die sisteem. Die huidige navorsers is ook van mening dat 'n ingreep, hoe gering ookal, 'n kumulatiewe gevolg kan hê.

iv. Fokuspunt 4: Daar is *nie 'n objektiewe realiteit nie*, omdat realiteit afhang van die betekenis wat die betrokke persone aan die bepaalde gebeure of sake heg. Hiervolgens kan 'n absolute hulpmiddel of program nie geskep word nie, omdat die skeppers daarvan se realiteite onder andere afhang van hoe hulle daaroor dink (Fiedeldey-Van Dijk, 1997). Die huidige navorsers erken dus dat hul hulpmiddel slegs die manifestasie van verbandhoudende idees is om 'n waargenome leemte aan te spreek. Wat wel van belang is, is dat die idees wat die hulpmiddel onderskryf, wel deurdag is deurdat dit in samewerking met verskeie opvoeders ontwikkel is. Die hulpmiddel verteenwoordig dus 'n versameling van idees waaroor formeel konsensus bereik is, wat tot 'n geheel ontwikkel is.

Die keuse van een of meer persoonlikheidskonstrukte word binne die sistemiese raamwerk as 'n arbitrêre beginpunt tot die ontwikkeling van 'n sensitiseringshulpmiddel beskou, aangesien verskeie persoonlikheidskonstrukte gekoppel aan mekaar, meewerk tot gesonde persoonlikheidsfunksionering. Dit is juis in hierdie gedeelde betekeniseenhede waar die krag van die uiteindelike sensitiseringshulpmiddel lê. Die keuse van die twee persoonlikheidskonstrukte sal vervolgens gemotiveer word.

## 1.5 MOTIVERING VIR DIE GEKOSE KONSTRUKTE VAN PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

Die navorsers het besluit om die persoonlikheidskonstrukte egosterkte (ES) en lokus van kontrole (LVK) as arbitrêre beginpunt vir die hulpmiddel te gebruik. Die beginpunt is gebore uit die huidige navorsers se praktykondervinding wat gou getoon dat daar waarskynlik verbande bestaan tussen ES en LVK en prognose. Hierdie verbande word ook deur die rasionaal agter gesaghebbende kliniese sielkundige meetinstrumente wat in die navorsers se praktyke gebruik word, (soos onder andere die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys, Hoërskool-persoonlikheidsvraelys, Rorschachtoets, en andere), gereflekteer.

By nadere ondersoek is die keuse van die genoemde konstukte as beginpunt vir die studie versterk deurdat die navorsers waargeneem het dat in beide die populêre en die wetenskaplike literatuur verwys word na die konstrukte as verbandhoudend met gesonde persoonlikheidsfunksionering. Die navorsers se persoonlike indrukke was egter dat hierdie konstrukte in die populêre literatuur verskraal of afgewater aangebied word, terwyl die akademiese aanbiedings daarvan nie gebruikersvriendelik is nie.

Deur die keuse van hierdie twee konstrukte (ES en LVK) wil die huidige navorsers geensins die waarde van ander persoonlikheidskonstrukte soos selfaktualisering, individualiteit en andere, ontken nie. Nadere ondersoek het juis getoon dat die funksionele gedragseenhede onderliggend aan die gekose

persoonlikheidskonstrukte grootliks oorvleuel en direk tot gesonde persoonlikheidsfunksionering kan bydra. Die navorsers is, binne die genoemde denkraamwerk, oortuig dat die keuse van enige ander persoonlikheidskonstrukte soortgelyke gedeelde betekeniseenhede tot die bereiking en handhawing van gesonde persoonlikheidsfunksionering sal hê, mits die identifisering daarvan op dieselfde wetenskaplike gronde geskoei is.

Deur die motivering vir die studie, die bespreking van die doel daarmee en die verduideliking van die sleutelbegrippe en uitgangspunt is 'n agtergrond geskep vir die studie. Vervolgens sal 'n vooruitskouing van die res van die studie aangebied word.

## 1.6 DIE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die studie word, op grond van twee navorsers se werk, in twee proefskrifte aangebied met die onderskeie titels *Egosterkte en Lokus van Kontrole: 'n Sistemies-teoretiese Studie vir die Ontwikkeling van 'n Opvoedkundige Sensitiseringshulpmiddel* (Deel I: I. De Beer) en *Die Ontwikkeling en Evaluasie van 'n Sensitiseringshulpmiddel vir Opvoeders in Gesonde Persoonlikheidsfunksionering* (Deel II: R. Nel). Deel I val in twee afdelings uiteen naamlik, Afdeling A en B. Afdeling A bestaan uit hoofstukke 2 tot 4. Die doel van hierdie afdeling is om die bestaande literatuur oor die gekose persoonlikheidskonstrukte (LVK en ES) aan te bied. In die tweede hoofstuk word die proses van inligtingsondersoek vanuit 'n sistemiese perspektief as deel van die interpreterende raamwerk beskryf. In die daaropvolgende twee hoofstukke word die gekose persoonlikheidskonstrukte apart bespreek: LVK in Hoofstuk 3 en ES in Hoofstuk 4. Hierdie afdeling is in ooreenstemming met die eerste oorhoofse doelstelling van die studie naamlik om die persoonlikheidskonstrukte wat gesonde persoonlikheidsfunksionering bevorder, te ondersoek.

*Afdeling B* bestaan uit Hoofstuk 5, met die doel om 'n konsephulpmiddel te ontwikkel en te verfyn. In Hoofstuk 5 is die literatuur uit die resultate van

Afdeling A geïntegreer en gekategoriseer waaruit die konsephulpmiddel saamgestel en wetenskaplik vir kommentaar aan opvoeders voorgelê is. Die tweede been van die navorsing verskyn in Deel II van die studie. In hierdie deel word die navorsingsmetode bespreek. Hierdie afdeling is in ooreenstemming met die tweede oorhoofse doelstelling om bogenoemde inligting gebruikersvriendelik in 'n konsephulpmiddel saam te vat.

In Deel II se Hoofstukke 7, 8, 9 en 10 is die derde oorhoofse doelstelling bereik naamlik, om die inhoud van die hulpmiddel te evalueer en te finaliseer en in 'n bemarkbare vorm te verwoord. In Hoofstuk 7 is die data wat verkry is uit die voorlegging van die konsephulpmiddel (fokusgroepsessies en praktykevaluasie), kwalitatief en kwantitatief ontleed en geïntegreer. Die resultate wat verkry is uit Hoofstuk 7 is in Hoofstuk 8 gebruik vir die finale samestelling van weergawe 1 van die opvoedkundige hulpmiddel. In Hoofstuk 9 is die ontwikkelde hulpmiddel weer in die oorspronklike konteks van LVK en ES geplaas.

Die navorsing word afgesluit met Hoofstuk 10 waarin die toepassing van die hulpmiddel in 'n opvoedkundige konteks geplaas word met die doel om gesonde persoonlikheidsfunksionering te bevorder en geestesongesteldheid te voorkom. In hierdie hoofstuk word die studie krities beskou en aanbevelings vir verdere navorsing gemaak. Dit is in ooreenstemming met die sesde oorhoofse doelstelling.

Die sistemiese benadering wat die denkraamwerk gevorm het van waaruit die navorsers gewerk het, gebruik die data-formasieproses soos beskryf deur Keeney (1983), kyk Hoofstuk 2. Hierdie proses verdeel hy in drie vlakke van betekenisgewing. In Deel I se Afdeling A word binne die eerste-orde van betekenisgewing gewerk. In Afdeling B word binne die tweede- en in Deel II word binne die derde-orde van betekenisgewing gewerk.

## 1.7 SLOT

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk word verwys na die proses-onderbou van die studie, naamlik die data-formasieproses (Keeney, 1983). Hierdie proses vorm 'n integrale deel van die sisteembenadering en is deurlopend in die studie gebruik. Keeney (1983) beskryf hierdie proses in terme van drie vlakke van betekenisgewing. Binne hierdie vlakke is dit moontlik gemaak dat verskeie opvoeders in die proses geakkommodeer kon word, die rol wat die navorsers gespeel het kon verreken word en daar kon verseker word dat die toepassing van die hulpmiddel so wyd as moontlik kan wees.

# AFDELING A

# HOOFSTUK 2

# DIE PROSES VAN INLIGTINGSONDERSOEK

## 2.1 INLEIDING

Deel I van die navorsing word in twee afdelings aangebied. Die eerste afdeling handel oor die bestudering en die ordening van bestaande literatuur. In die tweede afdeling word by wyse van herklassifisering en herkategorisering nuwe patroonkategorieë geskep en konsepitems is hieruit saamgestel. Hierdie items is in fokusgroepsessies deur opvoeders geëvalueer en verdere items is ook deur hulle gegenereer. In die derde afdeling (Deel II) is die inligting wat verkry is kwalitatief en kwantitatief verwerk en geïntegreer om sodoende 'n opvoedkundige konsephulpmiddel daar te stel. Laasgenoemde is deur opvoedkundiges in praktyk toegepas en geëvalueer. Die hulpmiddel is hierna gefinaliseer (sien R. Nel: Deel II).

## 2.2 DIE RASIONAAL VIR DIE ONDERSOEKPROSES

Die ondersoekproses sal in terme van die rasionaal van data-ontleding, vanuit 'n sistemiese perspektief, bespreek word. Die werke van Patton (1990), Groenewald (1995) en Bielfeld (1997), sal as bronverwysings in dié verband gebruik word.

Volgens Keeney (1983) moet bepaalde stappe in die kwalitatiewe dataformasieproses gevolg word. Hy verdeel hierdie stappe in drie ordes van betekenisgewing. Die eerste-ordebetekenis behels die weergee van bestaande literatuur op so 'n wyse dat sistematiek en ordening hieruit moontlik gemaak word (Hoofstukke 3 en 4). Wetenskaplike navorsingsresultate sal dus weergegee

word. Die ontledingsproses tot op hierdie vlak kan dus as konkreet of eenvoudig beskryf word.

Op die tweede-ordevlak word die genoemde literatuur vanuit die navorsers se huidige denkraamwerk gepunktueer. So word 'n dieper/groter insig in die data verkry. Hierdie doelstelling word bereik deur die beskrywing van onderliggende verbande en ooreenkomste, asook om die verskille in die literatuur aan te dui (Hoofstuk 5). Die doel hiervan is om bestaande onderskeidings in navorsingsresultate in nuwe patroonkategorieë te herklassifiseer. So kom nuwe insigte na verwagtings tot stand. Dit word dan as 'n basis vir empiriese navorsing gebruik (Bateson, 1972) (kyk Deel II). Die empiriese basis is voorgelê aan respondente in die vorm van konsepitems (kyk bylae A, Deel II).

Op die derde-ordebetekenisgewingsvlak sal die resultate soos verkry uit die respondente se reaksie (op beide die konsepitems asook die konsephulpmiddel) konseptueel bespreek word, waardeur 'n dieper insig in die fenomeen verkry kan word (kyk Deel II). Die daarstel van die finale hulpmiddel vind dus op hierdie vlak plaas.

Keeney (1983) en Bateson (1972) het die proses van *toenemend groter en omvattende verduidelikings* (vanuit 'n sistemiese perspektief) as die essensie van die skep en instandhouding van realiteit beskou. In laasgenoemde verband word ook verwys na die werke van Jasnoski (1984), Levine en Fitzgerald (1992 & 1992) asook Masterpasqua en Perna (1997). Hierdie proses kan in Figuur 2.2.1 skematies as volg voorgestel word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Tiperingsvlak | Klassifikasie van vorm | Beskrywing van proses |
|---|---|---|
| Eerste-orde<br>Eksplorering<br>Van bestaande<br>literatuur | | 1. Die weergee van bestaande navorsingsbydraes<br>2. Beskrywing van konstrukte soos dit in die bestaande literatuur weergegee word |
| Tweede-orde<br>Groepering,<br>hergroepering<br>En herskepping | ↙ Beskrywingskategorieë ↘ | 3. Die groepering van die inligting deur die beskrywing van die onderliggende verbande, ooreen-komste en verskille |
| | ↙ Patroonkategorieë ↘ | 4. Hergroepering van die onder-liggende verbande, ooreenkomste en verskille van die patroon-kategorieë<br>5. Skepping van nuwe patroon-kategorieë |
| | ↙ Nuwe patroonkategorieë ↘ | |
| Derde-orde<br>Metakonteks | Choreografiese kategorieë | 6. Konseptuele bespreking |

Figuur 2.2.1: 'n Oorsig van die datatransformasieproses

## 2.2.1 EERSTE-ORDE-ONTLEDING: EKSPLORERING VAN BESTAANDE LITERATUUR

STAP 1: Vereenselwiging met die onderwerp

* Deur die navorsers se opleiding en deur praktykervaring het ons kennis geneem van die multidimensionele aard van die

persoonlikheidstruktuur. Die navorsers maak hiervolgens die aanname dat een wyse waarop die persoonlikheidstruktuur beskryf kan word, aan die hand is van verskeie persoonlikheidskonstrukte.

* Deur die bestudering van literatuur oor bogenoemde onderwerp blyk dit dat daar 'n verband bestaan tussen die verskillende persoonlikheidskonstrukte gesamentlik, asook gesonde sistemiese funksionering.

STAP 2: Afbakening van konstrukte

* Die navorsers het besluit om LVK en ES as 'n arbitrêre beginpunt uit te sonder en te bestudeer. Die bestaan, asook die belang van ander persoonlikheidskonstrukte, sal erken word. Deur die gebruik van sielkundige meetinstrumente het ES en LVK, direk en indirek, sterk gefigureer in terme van gesonde sistemiese funksionering. Sodoende is die keuse, alhoewel arbitrêr, versterk.
* In terapeutiese konteks is waargeneem dat daar 'n moontlike verband bestaan tussen ES en prognose, LVK en prognose, asook tussen ES en LVK. Die navorsers vermoed dat daar ook moontlike verbande tussen ander persoonlikheidskonstrukte (onderling) en prognose bestaan.

STAP 3: Beskrywing van die bestaande idees oor die twee konstrukte

* In hierdie stap word bestaande idees oor die konstrukte, wat deurlopend in die literatuur voorkom, beskryf.
* By die bestudering van die literatuur het die navorsers waargeneem dat die konstrukte op verskeie vlakke van abstraksie bespreek word. Die navorsers het hierdie vlakke geinterpreteer as *'n ingesteldheid tot* en *gedragsaksies kenmerkend aan* die ingesteldheid. Die navorsers het besluit om vir die onderskeie abstraksies die beskrywende terme *funksies* en *gedragsmanifestasies* te gebruik. Motivering tot hierdie keuse was dat verskeie outeurs in hul

omskrywings en verklarings van die konstrukte bogenoemde en/of soortgelyke terme gebruik het.

### 2.2.2 TWEEDE-ORDE-ONTLEDING: GROEPERING, HERGROEPERING EN HERSKEPPING

STAP 1: Ontwikkeling van patroonkategorieë

* Deur die herhaaldelike deurwerk van die bestaande literatuur is die beskrywings, wat op konseptuele gronde saamhoort, gegroepeer.
* Bogenoemde groeperings of patroonkategorieë word uit die aard van hul inhoud vir die doeleindes van hierdie studie *funksionele gedragseenhede* genoem.
* Hierdie *funksionele gedragseenhede* is 'n georganiseerde samevatting van inligting wat uit die literatuur verkry is en word beskou as 'n verteenwoordigende weergawe van die funksies van ES en LVK, waaruit afleidings oor die persoonlikheidstruktuur gemaak kan word.
* Deur die bogenoemde proses vervaag die beperkings en bydraes van individuele konstrukte en kom 'n meer samevattende beeld van die persoonlikheidstruktuur tot stand. Konsepitems is hieruit ontwikkel.

STAP 2: Daarstelling van betroubaarheid en geldigheid van patroonkategorieë

* Deur gesaghebbende literatuur te gebruik, kan die navorsers nie anders as om op die geldigheid en betroubaarheid daarvan terug te val nie.
* Verder het die navorsers 'n proses van interbeoordeling vir beide konstrukte gevolg. Die medenavorser het as interbeoordelaar opgetree om die groeperings wat gemaak is, te kontroleer. Om die konformeringsrisiko te beperk, is twee kollegas betrek om die logika van die groepering te beoordeel.

b14455420
i14761208

- Waar klemverskille deur die interbeoordelingsproses aangedui is, het die navorsers (beoordelaars) dit beredeneer tot konsensus bereik kon word. Volgens Sykes (1990) kan geldigheid verkry word deur so 'n proses van kommunikasie tussen navorsers.

STAP 3: Die skep van nuwe patroonkategorieë

- Deur die inligting wat verkry is uit die respondente se reaksie op die konsepitems, kon onderliggende verbande, ooreenkomste en verskille van die patroonkategorieë beskryf en gegroepeer word. Nuwe patroonkategorieë het deur die groepering tot stand gekom.
- Die nuwe patroonkategorieë is gebruik as die inhoudelike van die konsephulpmiddel.


### 2.2.3 DERDE-ORDE-ONTLEDING: METAKONTEKS

STAP 1: Die konseptuele bespreking

- Met die derde-orde het die navorsers van empiriese data na 'n hoër orde konseptuele vlak beweeg. Hierdie deel word in Deel II van die navorsing (R. Nel) uiteengesit. Die choreografie waarbinne die patroonkategorieë funksioneer, sal op hierdie vlak bespreek word. Die finale hulpmiddel het sodoende tot stand gekom. Daar sal, onder andere, gekyk word na die hulpmiddel in konteks met die navorsers se epistemologie, asook in konteks met die sielkunde in die algemeen.

Die stappe van data-ontleding kan vergelyk word met die *vloeigang* van 'n spiraal. Waar die veerkragtigheid van 'n spiraal afhang van die sterkte van voorafgaande, sowel as daaropvolgende kurwes, word die uitkoms van data-ontleding bepaal deur die kwaliteit van elke vorige en daaropvolgende stap. Dit word skematies voorgestel in Figuur 2.2.2:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 2.2.2: Stappe van data-ontleding (moet van onder na bo gelees word)

## 2.3 MOTIVERING VIR DIE GEBRUIK VAN DIE NAVORSINGSMETODE

(i) Die bestaande literatuur oor egosterkte (ES) en lokus van kontrole (LVK) is meestal gebed in spesifieke teoretiese aannames, wat die integrasie daarvan bemoeilik. Die literatuur is dus nagevors en op akademiese vlak beskikbaar. Uitsprake rakende ES en LVK word verder bemoeilik deurdat dit akademies aangebied word en dus nie toeganklik is as populêre literatuur nie. Die huidige navorsers is van mening dat hierdie konstrukte se waarde juis in die praktiese toeganklikheid en toepassing daarvan lê. Om dit te bereik, is dit nodig dat die mens-omgewing-sisteem in sy totaliteit betrek word. 'n Holistiese metode van kwalitatiewe navorsing kan hom leen tot die strewe na 'n voller begrip van, en groter toeganklikheid tot, die konstrukte.

Navorsers se bydraes word vanuit die sisteemperspektief as dele van 'n geheel beskou. Dit beteken dat geen navorser 'n volledige beeld van 'n fenomeen kan daarstel nie. Verder word navorsers se bydraes gesien as slegs idees wat gevorm word vanuit die invalshoek waaruit die navorsing plaasgevind het.

Die doel met Afdeling A is om die verskeidenheid van idees te probeer ontwikkel op weg na *'n idee oor die geheel* met inagneming van wat Bateson (1979, pp. 126-127) gesê het: "... wholes are continually being verified or contradicted by the later presentation of other parts." Tog is dit noodsaaklik dat pogings tot geheelskepping aangewend word. Hieroor het Watzlawick, Weakland en Fisch, (1974, p. 4) gesê: "The grouping of 'things' (in the widest sense) is the most basic and necessary element of our perception and conception of reality. While it is obvious that no two things will ever be exactly alike, the ordering of the world into (complexly intersecting and overlapping) groups composed of members which all share an important element in common gives structure to what would otherwise be a phantasmagoric chaos".

Die navorsers erken dat hierdie bydrae nog steeds net op weg is na 'n idee oor die geheel, maar is van mening dat hierdie wetenskaplike poging tot 'n samesnoerende beskrywing, die konstrukte meer toeganklik vir opvoeders kan maak. Hierdie doelstelling word nagestreef deur 'n praktiese hulpmiddel aan opvoeders daar te stel om sodoende die breë populasie te kan bereik.

(ii) Binne die sisteemperspektief word taal gebruik as 'n metode om sin te maak uit die wêreld. Hierdie navorsing het ten doel om die persoonlikheidstruktuur en –funksionering te verstaan. Hoewel 'n hele aantal idees ter beskrywing en/of verklaring van die (suksesvolle) funksionering van die persoonlikheidstruktuur bestaan, word daar in hierdie afdeling op LVK en ES as arbitrêre beginpunte gefokus. 'n Literatuurstudie is onderneem deur die bestaande literatuur (geskrewe taal) oor die onderwerp te orden. Hierdeur is 'n rykheid van inligting bekom, saamgevoeg, maar nie noodwendig optimaal geïntegreer nie.

(iii) Enige inligting wat versamel word, kan vanuit 'n Positivistiese of Idealistiese denkraamwerk beskou word (Stewart van Leeuwen, 1985). McMullin (1974) het hierdie twee kante van die muntstuk die logiese kant en die interpreterende kant van wetenskap genoem. McMullin (1974 p. 667) het van die interpreterende denkraamwerk gesê: "This kind of intellectual activity is more difficult to define, more personal, more immediate, and more context-dependent than the application of formal rules (as laid down by theory) … yet it is still very much part of scientific rationality along with the more formal side." Die Idealistiese interpreterende denkraamwerk is onontbeerlik in hierdie navorsing deurdat alle inligting wat bekom is binne hierdie perspektief geïntegreer sal word.

(iv) Die Ekosistemiese epistemologie (wat resorteer onder die Idealisme) word ook 'n metateoretiese benadering genoem deurdat dit oor teorieë of

verskillende stelle aannames heen kyk. In hierdie verband het Fiedeldey-Van Dijk (1997) gesê dat alle navorsingsmetodes en resultate die produk is van menslike idees. Daar is dus nie iets soos 'n *objektiewe* realiteit nie, omdat ***realiteit*** afhang van hoe ons oor dinge dink. Daarom maak die huidige navorsers gebruik van 'n verskeidenheid empiriese resultate om so volledig as moontlik te rapporteer, sodat 'n *geheelbeeld* hieruit ontwikkel kan word. Die huidige navorsers wil geensins betrokke raak in 'n argument oor hoe objektief óf subjektief die bestaande literatuur is nie. Die doelwit is eerder om die konstrukte van ES en LVK (wat deel vorm van die komplekse persoonlikheidstruktuur van die mens) verstaanbaar en gebruikersvriendelik te maak.

## 2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word die literatuurontwikkeling as 'n ondersoekproses beskryf. Dit behels 'n bespreking en oorweging van die onderskeie bydraes van die bestaande konstrukte. Hierdie proses is daarop gerig om die literatuur tot 'n hoër konseptuele insig te ontwikkel. In Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4 is die eerste-orde-ontleding toegepas (Afdeling A). In Hoofstuk 5 en die oorgang na Deel II word die tweede-orde-ontleding toegepas en die dataformasieproses deur derde-orde-ontleding afgesluit. Die finale hulpmiddel word in Deel II gefinaliseer.

# HOOFSTUK 3

# 'N SISTEMIESE ONDERSOEK NA DIE KONSTRUK LOKUS VAN KONTROLE

## 3.1 INLEIDING EN STRUKTURERING VAN DIE HOOFSTUK

In die sielkundeliteratuur en veral in die sielkunde-gesondheidsliteratuur word die afgelope drie dekades groot prominensie aan die konstruk van LVK verleen. LVK word beskryf in terme van die aard daarvan (Rotter, 1966), die bydrae wat dit ten opsigte van geestesgesondheid lewer (Kendall, Finch & Mahoney, 1976; Beck & Ollendick, 1976; Duke & Fenhagen, 1975), die kliniese hantering daarvan in terapie (Chandler, 1975; Reimanis, 1974; Eitzen, 1974; Shore, Milgram & Malasky, 1971), die ontwikkeling en verbetering van instrumente wat LVK kan meet (Nehrke, Bellucci & Gabriel, 1978; Levenson & Miller, 1976; Rotter, 1966), verskille tussen bevolkingsgroepe (Tyler & Holsinger, 1975; Strickland, 1972), sosio-ekonomiese status (Zytkoskee, Strickland & Watson, 1971) en ouderdom (Lifshitz, 1973). Voorts word konstrukte en vaardighede verwant aan LVK ondersoek en beskryf (Altshuler & Kassinove, 1975; Friedman, 1974; Epstein & Komorita, 1971). Die konstruk het in die vyftiger- en sestigerjare sy oorsprong gehad en is tans meer as ooit tevore een van die fokuspunte van gesonde funksionering.

Hierdie hoofstuk behels 'n beskouing van die konstuk LVK as onderdeel van mense se uitgebreide funksioneringswyses. Die konstruk word in die konteks van die sisteembenadering beredeneer. 'n Voorbeeld daarvan word gegee en binne die sisteembenadering toegepas.

Daaropvolgend word gefokus op die gedefinieerde konstruk soos dit in die bestaande literatuur verstaan en beskryf word, sowel as 'n kritiese beskouing daarvan vanuit die sisteembenadering. Die konstruk word ook vanuit verskeie invalshoeke geanaliseer en laastens word dit met inagneming van sistemiese beginsels omskryf.

## 3.2 LVK BINNE KONTEKS VAN DIE SISTEEMBENADERING

Die oorspronklike literatuur oor LVK is vanuit die gedragsbenadering gerig en ontwikkel (Rotter, 1966). Die konstruk het nie net in die gedragsbenadering 'n tuiste gevind nie, maar het ook oor tyd 'n humanistiese kleur aangeneem. Hiervolgens val die fokus op die individu se belewenis, interpretasie en uitlewing daarvan. Dit word dikwels beskryf ingevolge aanwesigheid of afwesigheid daarvan en word in verband gebring met persoonlike sterktes of swakhede.

Daarenteen het LVK as deel van sistemiese funksionering tot op hede nog weinig aandag geniet. Vanuit die sisteembenadering is 'n gesonde sisteem (soos byvoorbeeld: 'n persoon, 'n gesin of die samelewing) 'n stabiele struktuur wat uit bepaalde komponente bestaan. Hierdie komponente is in 'n wederkerige verhouding georganiseer en funksioneer interafhanklik van mekaar. Vanweë die aard daarvan is dit meestal onderskeibaar - veral komponente waarvan die biologies-generiese eienskappe prominent is. Van hierdie komponente determineer die sisteem, soos byvoorbeeld geslag, ouderdom, ensovoorts.

Sisteme bevat egter ook meer abstrakte komponente, soos byvoorbeeld dié komponent wat beskou word as die persoonlikheid van die mens. Dit is moeilik om te beskryf, omdat die struktuur en funksionering daarvan abstrak is. Die gevolg hiervan is dat 'n magdom van **idees** bestaan en steeds geskep word oor hierdie fenomeen wat ons die persoonlikheid noem. LVK en ES vorm deel van die bestaande idees rondom die persoonlikheid.

'n Sisteem vorm 'n funksionele en struktuele geheel wat beteken dat elke komponent bydra tot die funksionering daarvan. Hiervolgens kan afgelei word dat elke moontlike aspek wat 'n rol mag speel wat die komponent van die persoonlikheidstruktuur aanbetref (soos onder andere LVK en ES) 'n invloed kan uitoefen op die funksionering van die totale sisteem.

In hierdie hoofstuk val die fokus op die LVK-idee as onderdeel van die persoonlikheidstuktuur. In die literatuur wat oor hierdie onderwerp bestaan,

word die aard van LVK as multidimensioneel beskryf (Bothma & Schepers, 1997; Rosenbaum, 1990; Lefcourt, 1982; Gilmore, 1978; Phares 1976; en andere). Hiervolgens is onderskeibare aspekte of psigologiese prosesse in verhouding ter sprake. Die versamelnaam - konstruk - word gevolglik gebruik.

Die bestaande idees omtrent LVK is geensins simplisties of staties nie. Verskillende benaderings kompliseer die beskrywing van die konstruk, maar terselfdertyd word die idee verryk en versterk. In hierdie hoofstuk word LVK vanuit die sisteembenadering belig. Die doel is om data oor hierdie konstruk op so 'n wyse te orden dat dit kan bydra tot die samestelling van 'n hulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering. Volgens Keeney (1983) moet bepaalde stappe in die dataformasieproses gevolg word (kyk Hoofstuk 2). Die stap wat van toepassing op hierdie hooftuk is, word vervolgens kortliks bespreek.

Die eerste stap in die dataformasieproses noem Keeney (1983) die eerste-orde-vlak van betekenisgewing. Dit behels 'n *konkrete en simplistiese* proses. Op hierdie vlak word kennis geneem van die bestaande gesaghebbende literatuur oor die onderwerp. Dit kan gedoen word deur die individuele bydraes van verskillende outeurs te beskryf. So kan die verskeie intersubjektiewe betekenisse/idees oor LVK weergegee word. Verdere kwalifikasie wat op hierdie vlak in ag geneem behoort te word, is die voortdurende debat oor die *digotome aard* van die konstruk en die moontlikheid dat LVK as gevolg van sy *twee pole* tot nadeel van die individu kan strek.

## 3.3 'N VOORBEELD VAN DIE KONSTRUK VAN LVK SOOS WAT DIT IN DIE DAAGLIKSE LEWE VAN PERSONE KAN MANIFESTEER

Die volgende scenario behoort die leser 'n kykie te gee van hoe LVK kan manifesteer. (Die voorbeeld is fiktief; daar word nie verwys na ware gebeure of werklike persone nie.)

> Mnre. E. Botha en A. Swart werk beide reeds ses maande by 'n sementfabriek. Op 'n dag, tydens 'n personeelvergadering, verneem

hierdie twee menere dat die afdeling waarin hulle werk, gesluit gaan word. Sommige werkers gaan oorgeplaas word na ander afdelings, terwyl 'n paar persone hulle werk gaan verloor. Mnre. Botha en Swart val ongelukkig in daardie groep wat vanaf die einde van die maand werkloos sal wees.

Beide mnre. Botha en Swart is finansieel afhanklik van die salaris wat hulle by die fabriek verdien. Gevolglik is hierdie nuus vir albei baie ontstellend. Afgesien van die ooreenkoms in hul omstandighede is hul persoonlike hantering van hierdie krisis verskillend.

- Mnr. Botha beleef hierdie tyding as "die einde van die wêreld". Hy voel dat hy uitgesonder word en onregverdig behandel is. Hy neem nie in ag dat hy slegs ses maande by die fabriek werk en tot dusver 'n beperkte bydrae tot sy werk gelewer het nie. Hy neem dus nie hierdie **realiteit** in ag nie.

  Hy wend geen poging aan om te beding vir 'n oorplasing, aansoek te doen vir ander werk of om te kwalifiseer vir 'n finansiële pakket nie. Hy bestee sy dae onproduktief. Mnr. Botha voel al hoe meer hulpeloos en uitgelewer. Hy staan **passief** in die proses en **neem nie die verantwoordelikheid** om sy situasie te bestuur nie.

  Mnr. Botha sien nie kans om sy gesin en vriende oor die situasie in te lig nie. Hy gee voor dat alles wel is by sy werk. Hy raak depressief en onttrek homself aan ander mense. Hy **identifiseer en gebruik nie die beskikbare hulpbronne** in die hantering van sy situasie nie.

  Hy sien geen uitkoms nie en beleef homself as totaal uitgelewer aan magte buite sy beheer. Volgens hom het die noodlot vir hom 'n streep getrek. Mnr. Botha voel dat hy nooit weer van hierdie situasie

sal kan herstel nie. Hy beleef sy situasie as **katastrofies** en **buite beheer**.

- Mnr. Swart besef dat werksgeleenthede baie beperk is. Hy neem 'n besluit dat hierdie realiteit hom nie sal onderkry nie en begin **aktief** aan sy *nuwe* toekoms beplan. Mnr. Swart is **realisties**, omdat hy besef dat dit tyd en harde werk sal neem om sy situasie te verbeter.

  Hy doen aansoek vir werk by verskeie ondernemings. Hy **ondersoek** ook die **moontlikheid** om 'n eie besigheid te begin met die finansiële kompensasie waarvoor hy beding het. Hy besef ook dat dit nie noodwendig wys sal wees om die eerste betrekking wat hom voordoen te aanvaar nie.

  Mnr. Swart **identifiseer en betrek** 'n verskeidenheid van **hulpbronne**. Hy verkry inligting en emosionele ondersteuning van ander persone wat deur dieselfde trauma moes gaan. Hierdie hulp en inligting wend hy positief aan. Hy steun ook op sy familie en betrek hulle by die planne wat hy maak.

  Hy besef dat dit **nie deur sy eie toedoen, of die van die noodlot** is dat die afdeling moes sluit nie. Hy weet ook dat hy nie afbetaal word omdat hy 'n swak werker is nie. In sy kontrak het hy gelees dat die firma 'n beleid volg van "laaste aanstellings word eerste afbetaal indien afbetalings aangedui word".

  Hy is seker dat hy elke dag sy persoonlike beste by sy werk gelewer het. Hierdie wete gee aan hom die selfvertroue om 'n eie besigheid te begin. In hierdie proses beleef mnr. Swart **homself as in beheer**, binne die beperkings wat die gegewe realiteit aan hom stel.

Alhoewel die bogenoemde scenario 'n fiktiewe beskrywing is, kan baie mense sekerlik daarby aanklank vind. Daagliks word persone direk of indirek gekonfronteer met situasies wat 'n soortgelyke fisiese en/of psigiese impak op hulle het. Wat egter belangrik is, is dat mense se belewenis en hantering van soortgelyke situasies grootliks kan verskil.

Binne die sistemiese konteks ontstaan sekere vrae in hierdie verband, naamlik:

* Hoe kan dit wees dat mense se reaksie op/of persepsie van *dieselfde* situasie radikaal kan verskil?
* Wat bepaal dat die mense se hantering van sodanige situasies swaarder na die een of ander kant weeg?
* Word 'n persoon se belewenis en hantering van situasies deur enkele komponente binne/buite homself bepaal, of speel 'n verskeidenheid van aspekte (soos konteks en terugvoer) 'n rol?
* Is sommige mense meer bewus van hul persoonlike aandeel aan, en verantwoordelikheid vir, die verloop van hul lewens as ander?
* Fokus party mense meer op die effek van dit waaraan hulle blootgestel word en die konstruktiewe verandering daarvan in teenstelling met ander wat passief meereis?

Die bogenoemde voorbeeld word in die volgende afdeling in konteks van die sistemiese perspektief geplaas. In hierdie toepassing word van die gedragsaksies van LVK ook benoem, soos onder andere, die neem van verantwoordelikheid, uitstel van onmiddellike behoeftebevrediging en die behoud van 'n positiewe selfsiening.

* Toepassing van die voorbeeld binne die sisteembenadering

  Die doel met hierdie toepassing is die skep van 'n konteks, waarbinne LVK as onderdeel van die multidimensionaliteit van mense se funksionering verstaan kan word. Die bemagtigende aard van 'n sistemiese benadering behoort ook vir die leser sigbaar te raak.

Mnr. Botha se bewustheid van sy situasie kan waarskynlik as een-dimensioneel en lineêr van aard beskryf word. Volgens hom het omstandighede en gebeure buite sy beheer sy lewe ingrypend verander. Hy sien homself nie as deel van dit wat met hom gebeur het nie. Hy beleef homself as geïsoleer in die proses. Konstruktiewe verbetering/verandering lê vir hom buite homself en daarom is hy 'n persoon wat passief wag op eksterne hulp. Mnr. Botha se reaksie in hierdie situasie sal waarskynlik beskryf kan word as 'n voorbeeld van eksterne LVK.

Binne die sisteemperspektief word dit duidelik dat mnr. Botha homself nie in konteks plaas binne sy omgewing nie. Hiermee word bedoel dat hy homself as apart van, en uitgelewer aan, sy omgewing definieer. Mnr. Botha glo dat prosesse waaraan hy geen aandeel het nie op hom inwerk en sodoende word sy lot gedetermineer. Sy gedagtes draai voortdurend om die vraag hoekom dit met hom gebeur het. Dit laat hom totaal onmagtig voel om sy situasie te bestuur.

Mnr. Swart daarinteen fokus minder op eksterne redes vir hoekom sekere dinge met hom gebeur het. Hy verstaan dat hy die spesifieke gebeurlikhede in konteks van groter sirkulêre prosesse moet plaas, soos byvoorbeeld die ekonomiese realiteit van die firma, die duur van sy loopbaan by die firma, die firma se beleid, ens. Hy neem beheer deurdat hy bewus is daarvan dat die effek van sy huidige gedrag 'n groot invloed op sy situasie kan hê. Hierdeur aanvaar hy die verantwoordelikheid om sy lot te verbeter. In teenstelling met mnr. Botha se reaksie word mnr. Swart se gedrag gekenmerk deur verskeie opbouende aspekte soos die behoud van 'n positiewe selfsiening, kreatiwiteit in sy pogings om sy probleme op te los en die openbaring van deursettingsvermoë. Hy gebruik ook die bronne tot sy beskikking en hy is bereid om die onmiddellike bevrediging van sy behoeftes uit te stel, sodat 'n meer stabiele langtermynoplossing gegenereer kan word. Hy poog om sy situasie konstruktief te verbeter.

Die bogenoemde voorbeeld en die sistemiese bespreking daarvan, skep 'n agtergrond vir die volgende afdeling. In Afdeling 3.4 sal die bestaande literatuur oor LVK krities vanuit die sisteembenadering bespreek word.

## 3.4 DIE GEDEFINIEERDE KONSTRUK SOOS IN DIE BESTAANDE LITERATUUR BESKRYF EN 'N KRITIESE BESKOUING DAARVAN VANUIT DIE SISTEEMBENADERING

Teoretici het deur dekades bevind dat mense vaste oortuigings en verwagtings ontwikkel het ten opsigte van die uitkomste van hul gedrag en dat hierdie oortuigings en verwagtings 'n groot invloed kan hê op hul reaksiewyses (Rotter, 1966, 1975; Gilmore, 1978; Schorr & Rodin, 1984; en andere). Hierdie verwagtings en persepsies is vir die eerste keer deur Rotter in 1966 beskryf en het die basis gevorm van sy omskrywing van LVK as psigologiese konstruk. Hy het dit as volg gestel: "When a reinforcement is perceived by the subject as following some action of his own but not being entirely contingent upon his action, then, in our culture, it is typically perceived as the result of luck, chance, fate, as under control of powerful others, or as unpredictable because of the great complexity of the forces surrounding him. When the event is interpreted in this way by an individual, we have labelled this a belief in external control. If the person perceives that the event is contingent upon his own behaviour or his own relatively permanent characteristics, we have termed this a belief in internal control" (Rotter, 1966, 11).

Vanaf Rotter se eerste omskrywing het ander teoretici deur die dekades ook die konstruk beskryf en gedefinieer. Sommige van die populêre beskrywings en definiërings sal vervolgens krities bespreek word. Binne die beginsels van die sisteembenadering sal bepaalde leemtes uitgewys word.

Ducette en Wolk (1972) het LVK beskryf ingevolge die **graad van kontrole** wat persone beleef of waarneem wat hul het (of nie het nie), ten opsigte van die gevolge van hulle gedrag. Vanuit die sistemiese perspektief is hierdie beskrywing problematies aangesien dit persone stroop van die relevante kontekste waarbinne

hulle staan. Die sisteemteorie wil dit dat sisteme in 'n rekursiewe verhouding tot hul omgewing of kontekste staan. Hierdie interaksionele patrone is daarop gemik om sistemiese prosesse te reguleer. LVK as deel van die psigiese funksioneringskomponent van menswees, kan daarom nie so simplisties wees dat dit in terme van 'n bepaalde graad van aanwesigheid of afwesigheid beoordeel kan word nie. Binne die sisteembenadering is dit meer sinvol om ag te slaan op die wisselende en dinamiese *aard* daarvan as bydraende faktor tot die strewe na homeostase. Hiervolgens kan byvoorbeeld na balans tussen interne en eksterne kontrole gestreef word, waar *balans* noodwendig binne konteks van die groter geheel beoordeel moet word.

In die Oxford Dictionary word LVK gedefinieer in terme van die graad van kontrole wat 'n individu ervaar oor gebeure wat sy/haar lewe beïnvloed (Simpson & Weiner, 1989). Soos Ducette en Wolk (1972) se interpretasie is hierdie definisie ook problematies vanuit 'n sistemiese oogpunt. Die genoemde outeurs bied LVK aan as 'n *enkelvoudige konstruk*, deurdat die kompleksiteit daarvan nie in ag geneem word nie.

Die funksionering van mense word verskraal deurdat gedrag toegedig word aan die statiese aanwesigheid van enkele konstrukte sonder dat die invloede van talle ander faktore in wisselwerking met mekaar in ag geneem word. Die ander faktore hier ter sprake is 'n verskeidenheid van interafhanklike psigiese konstrukte (soos byvoorbeeld selfaktualisering, egosterkte en individualiteit) en ander komponente van die sisteem (byvoorbeeld die fisiese, sosiale en kulturele komponent), asook 'n verskeidenheid van subsisteme op mikro- en makrovlak (byvoorbeeld skool, kerk, werk, asook ekonomiese en politieke instellings).

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1979) het die konstruk omskryf as 'n persoonlikheidsdimensie wat te make het met die mate waarin persone voel dat hulself (interne kontrole), of faktore in die situasie (eksterne kontrole), hulle gedrag bepaal. Hierdie omskrywing hou persone as eendimensionele wesens voor, wat *reageer* op *iets* - wat binne óf buite die persone geleë is.

Binne die sistemiese perspektief kan hierdie leemte weer eens sinvol ondervang word deur daarop te wys dat die funksionering van sisteme uiters kompleks is. Prosesse van funksionering is ter sprake deurdat verskeie komponente in wisselwerking met mekaar tot gedragsaksies lei. LVK vorm saam met ander psigiese konstrukte die psigiese funksioneringskomponent van 'n sisteem. 'n Persoon is dus nie 'n eendimensionele wese wie se gedrag bepaal word deur óf interne óf eksterne faktore nie, maar eerder deur prosesse binne en tussen die verskillende komponente van die sisteem.

Die interpretasie van Plug et al. (1979) belig ook 'n teenstrydige en uitsluitende aard van individuele kontrole, naamlik dat kontrole óf intern óf ekstern geleë is. Die implikasie is dat persone se kontrolefunksie hoofsaaklik gebed is in een van hierdie pole. Alhoewel die genoemde skrywers wel verwys na "... die mate waarin ..." (1979, 277) hierdie konstruk beleef word, word geensins melding gemaak van die situasie of konteks wat in samehang met ander faktore 'n bepalende rol kan speel in die uiteindelike aanbieding daarvan nie. 'n Sistemies meer aanvaarbare idee sal wees as gefokus word op 'n kontrolebalans tussen interne- en eksterne kontrole. Die funksie van hierdie kontrolebalans is om homeostase in 'n bepaalde konteks te probeer bereik. Indien die konteks verander, behoort die interne-eksterne-kontrolebalans ook daarmee saam te verander.

Die volgende definisie van La Montagne en Hepworth (1991) is slegs 'n variasie van bogenoemde definisie. Hulle het die konstruk gedefinieer as: "... the degree to which people believe in internal or external control of events - whether they believe that what happens to them is dependent on their own behaviour and therefore controllable by their actions or is contingent on external forces, such as luck, fate or powerful others" (La Montagne & Hepworth, 1991, 68).

Wat duidelik blyk, is dat die definiëring van LVK deur dekades slegs aanpassings of vereenvoudigings is van Rotter se oorspronklike omskrywing, maar dat hierdie idee nie betekenisvol binne verskeie invalshoeke en/of teoretiese benaderings ontwikkel en gegroei het nie. Resensente werke in die verband van LVK fokus

hoofsaaklik op die toepassingswaarde van die konstruk in verskillende situasies. In die bestudering van die kern van die LVK-konstruk het die huidige navorser gevind dat daar in onlangse werke oorwegend gebruik gemaak word van die oorspronklike werke van Rotter (1966; 1975) en Lefcourt (1982). Die bronne wat te make het met die kern van die LVK-konstruk (wat die onderbou van hierdie hoofstuk vorm) is dus relatief ouer bronne.

## 3.5 'N ONDERSOEK NA DIE LVK-KONSTRUK VANUIT VERSKEIE INVALSHOEKE

In hierdie afdeling sal die LVK-konstruk vanuit verskeie invalshoeke belig word. Die doel hiermee is om die idee van LVK te verstaan en te versterk sodat dit binne sistemiese beginsels gedefinieer kan word. Die invalshoeke sluit die volgende in: die digotome aard van LVK; die onderdele van die LVK-konstruk; LVK binne die begrensing van die determinerende aspekte van die sisteem; konstrukte van die persoonlikheidstruktuur en laastens die interpsigiese prosesse van die sisteem.

### 3.5.1 Die digotome aard van die konstruk

Volgens die oorspronklike formulering van Rotter kan die konstruk van LVK geïnterpreteer word as 'n veralgemene verwagting, wat in 'n groot verskeidenheid van situasies standhou en te make het met die individu se besit of tekort aan kontrole ten opsigte van wat met hom/haar gebeur (Lefcourt, 1982). Hiervolgens word individue dikwels geklassifiseer as interns of eksterns wat 'n verskraalde beeld voorhou van die meer omvattende konstruk. Rotter (1975) het hierteen gewaarsku deurdat hy gesê het dat daar geen regverdigheid is vir navorsers om te dink ten opsigte van 'n tipologie van interns en eksterns nie. Individuele kontrole is versprei oor 'n kontinuum en kan in grade verskil.

La Montagne en Hepworth (1991) het in hulle navorsing bevind dat die meeste studies wat handel oor LVK by kinders, 'n digotome aard

onderskryf deurdat die navorsingsubjekte ingedeel word in interns of eksterns. Volgens die genoemde outeurs moet LVK gekonseptualiseer word op 'n kontinuum van gedrag. Dit beteken egter nie dat 'n persoon in 'n spesifieke situasie 'n *sterk* interne LVK sal openbaar en dan weer in 'n volgende situasie 'n *sterk* eksterne LVK sal openbaar nie. Wat die ***kontinuum van gedrag*** veel eerder behels, is dat 'n spesifieke individu na gelang van die situasie en die faktore wat op daardie stadium 'n medebepalende effek het (byvoorbeeld die ontwikkelingvlak van die persoon), graadverskille mag openbaar in sy/haar oorwegend interne of eksterne LVK. Dit is dus nie soveel van belang om persone se kontrolefunksie as *intern* of *ekstern* te beskryf nie, maar eerder of 'n toepaslike balans gehandhaaf kan word en of die kontrolefunksie *soepel* binne konteks van elke situasie aangepas kan word. Soepelheid in hierdie verband beteken dat die situasie beoordeel moet word, sodat die mate en aard van persoonlike kontrole daarby aangepas kan word.

Binne 'n beskrywing van LVK as redelike staties (byvoorbeeld oorwegend intern) het kommer ontstaan dat nie net uitsluitlik positiewe korrelate nie, maar ook negatiewe uitkomste die resultaat van 'n interne LVK kan wees. Volgens Rotter (1966) sou die sogenaamde psigiesgesonde mens oor 'n gematigde interne LVK beskik.

In hierdie konteks het Schorr en Rodin (1984) geteoretiseer dat persone met 'n oorwegend *sterk* interne kontrolefunksie, teenproduktief mag wees in moeilike of onhanteerbare situasies en omgewings. Volgens Schorr en Rodin (1984) kan die feit dat hulle interne verwagtings nie bevestig kan word nie, lei tot frustrasie, selfblamering en 'n afname in eie-waarde. Ten opsigte van fisiese gesondheid het Reid (1984), asook Wagener en Taylor (1986) besorgdheid uitgespreek dat *sterk intern-georiënteerde* persone siekte, asook die verloop daarvan, kan interpreteer as die gevolg van eie toedoen.

Die genoemde besorgdheid oor die nadele verbonde aan *sterk* interne LVK stimuleer 'n strewe na *matigheid*. Navorsing in hierdie verband dui 'n **gebalanseerde** LVK wat deur 'n matige interne kontrolefunksie gekenmerk word, as 'n gesonder alternatief aan. So het Schorr en Rodin (1984) byvoorbeeld bevind dat persone met 'n goed ontwikkelde, maar matige kontrolefunksie, steeds kognitiewe kontrole behou al word hulle ook met situasies gekonfronteer wat kontrole op gedragsvlak geheel en al uitsluit. Gilmore (1978) het bevind dat diegene met 'n gebalanseerde kontrolefunksie (dit is matig intern of matig ekstern) oor die algemeen positief en effektief is. Hulle is ook meer aanpasbaar in situasies wat prestasie, sowel as nie-prestasie georiënteerd is, in teenstelling met diegene wie se kontrolefunksies in terme van die *uiterste* kategorieë (sterk intern óf sterk ekstern) beskryf kan word. Bogenoemde sluit aan by die sistemiese plasing van LVK, want binne die kontinuum van matigheid is dit makliker om 'n interne-eksterne-kontrolebalans binne verskillende situasies te bereik.

Alhoewel navorsers oor die algemeen eksterne kontrole as nadelig beskryf (Bothma & Schepers, 1997; Lefcourt, 1982; Phares, 1976, en andere), bevind navorsers soos Gibson, Ivancevich en Donnelly (1994) dat eksterne LVK ook positiewe gevolge kan hê. Vanuit 'n sistemiese oogpunt wil dit dan blyk dat akkommodasie van beide kante van die muntstuk, soos wat die situasie dit vereis, sinvol is. 'n Interne LVK behoort dus nie tot só 'n mate ontwikkel te word dat die moontlikheid om eksterne kontrole aan die dag te lê, wanneer die situasie dit vereis, uitgeskakel word nie.

Dit blyk uit die voorafgaande dat LVK op 'n kontinuum funksioneer en dat die *gesonde* uitdrukking hiervan ten opsigte van balans, matigheid en akkommodering moet wees. Hiervolgens behoort die beklemtoning van die begrippe *interns* en *eksterns* as synde goed/sleg afgeskaal te word, sodat daar eerder gefokus word op interne-eksterne-kontrolebalans.

Dit is belangriker dat persone se kontrolefunksies goed gedefinieer word en dat hulle 'n soepelheid ten opsigte van die *aanwending* daarvan ontwikkel as om 'n gepolariseerde uitlewing daarvan te hê. Die mate en aard van kontrole behoort dus altyd in verhouding tot die situasie aangebied te word.

### 3.5.2 'n Analise van die idees waaruit die konstruk LVK bestaan

Die idee van die konstruk LVK is gevorm deur 'n aantal onderskeibare idees (Gilmore, 1978; Kobasa, 1982; Lefcourt, 1982). Vir doeleindes van hierdie studie word hierdie idees **funksionele gedragseenhede** genoem. Die funksionele idee word in hierdie verband beskou as die meer omvattende begrip soos 'n ingesteldheid by 'n persoon, terwyl gedragsidee die werklike aksies wat die persoon moet uitvoer om die ingesteldheid te laat vergestalt. Dit word gedragsmanifestasies genoem. Dit is dus die werklike gedrag wat die persoon openbaar.

Vervolgens word die funksies en gedragsmanifestasies waaruit die konstruk van LVK opgebou is, beskryf en georden. Die werkswyse wat in hierdie paragraaf gevolg is, was om verskeie outeurs se direkte of indirekte bydraes op hierdie terrein te orden. Die laaste deel van die afdeling bestaan uit Tabel 3.5.2.1 wat die funksie(s) en die outeurs daarvan, weergee. Die ooreenkomste tussen die verskillende outeurs se sienings word ook hierdeur gereflekteer. Die doel van die tabel is om, deur die genoemde ordening, 'n maklike verwysingsbron daar te stel.

Die huidige navorsers het in die bestudering van die literatuur gevind dat daar verskeie idees binne LVK bestaan, wat op funksionele eenheidsvlak en op gedragsmanifestasievlak ooreenkomste toon. In die proses om die literatuur te orden is nege funksionele eenhede geïdentifiseer. Die toepaslike gedragsmanifestasies wat daarmee verband hou, asook die betrokke outeurs, sal vervolgens bespreek word.

- Persepsie van kontrole

  **Funksionele eenheid**: Dit is die oortuiging wat persone handhaaf dat hulle binne die beperkings van gegewe realiteite steeds hul eie lot kan bepaal.

  **Gedragsmanifestasies**: Persone se kontrolefunksies word daardeur gekenmerk dat hulle verantwoordelikheid vir hul optredes aanvaar. Hierdie persone monitor hulle gedrag, oordink die betekenis wat hulle aan gebeure heg, oordink die oorsaak en gevolge van gebeure en handhaaf positiewe verwagtings. Sodanige persone poog voortdurend om hulle omgewings te bemeester en te beheer en hulle maak gebruik van beskikbare hulpbronne (Fromm, 1955; Phares, 1976; Gilmore, 1978; Kobasa, 1979 & 1982; Antonovsky, 1982; Lefcourt, 1982; Rosenbaum, 1990; Strumpfer 1991).

- Produktiewe oriëntasie

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone word gekenmerk deur 'n aktiewe en optimistiese ingesteldheid en is oor die algemeen produktief in hul funksionering.

  **Gedragsmanifestasies:** Persone met 'n produktiewe oriëntasie volhard met moeilike take, skram nie weg van verantwoordelikhede nie en werk voortdurend daaraan om gemotiveerd te leef. Hierdie persone is oor die algemeen lewenskragtig in die hantering van eise (Fromm, 1955; Phares, 1976; Lefcourt, 1982).

- Kreatiewe ingesteldheid

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone word gekenmerk deur vindingrykheid en kognitiewe soepelheid.

  **Gedragsmanifestasies:** Kreatief ingestelde persone genereer oplossings vir probleme en maak, indien nodig, aanpassings. Hierdie persone beoordeel hulle gedrag en antisipeer die risiko's daaraan verbonde (Phares, 1976; Gilmore, 1978; Lefcourt, 1982).

- Selfsiening

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone beleef hulself as toegerus en effektief.

  **Gedragsmanifestasies:** Persone met 'n positiewe selfsiening vertrou hul eie vermoëns om gewensde resultate te bereik. Hierdie persone kan onafhanklik en outonoom funksioneer. Hulle kyk positief na sake en word nie onnodig angstig nie (Gilmore, 1978).

- Interpersoonlike verhoudings

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone is oor die algemeen daarop ingestel om goeie verhoudings met ander persone te handhaaf.

  **Gedragsmanifestasies:** Persone met goeie interpersoonlike verhoudings is nie geneig om verdedigende gedrag te openbaar nie, hulle raak nie angstig in verhoudings nie en is positief en aktief in hul kontak met ander. Hulle beperk misverstande tot die minimum en is empaties teenoor ander (Phares, 1976; Gilmore, 1978).

- Persoonlike beheer

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone word gekenmerk deur hulle vermoë om op emosionele en kognitiewe vlak selfbeheersing aan die dag te lê.

  **Gedragsmanifestasies:** Hierdie persone is in staat om onmiddellike behoeftebevrediging, ter wille van die bereiking van groter doelwitte, uit te stel (Gilmore, 1978; Lefcourt, 1982).

- Deursettingsvermoë

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone se lewens word aan 'n ingesteldheid om te volhard, selfs in die lig van teenspoed, mislukkings en teleurstellings, gekenmerk.

  **Gedragsmanifestasies:** Hierdie persone leef positief en aktief. Hulle beskou hul persoonlike pogings as bepalend vir sukses of mislukkings (Gilmore, 1978; Lefcourt, 1982).

* Doelwitingesteldheid

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone se lewens word gekenmerk deur hul ingesteldheid om doelwitte te hê en na te streef.

  **Gedragsmanifestasies:** Hierdie persone is bereid om hul kennis en vaardighede uit te brei om hul doelwitte te kan bereik. Hulle doen kort- en langtermynbeplanning om suksesvol te kan wees (Phares, 1976).

* Standvastigheid

  **Funksionele eenheid:** Hierdie persone stel hulle daarop in om hul eie lewens te bestuur en openbaar standvastigheid.

  **Gedragsmanifestasies:** Hierdie persone is bereid om self besluite te neem en staan nie weerloos teen beïnvloeding nie (Phares, 1976).

Die bogenoemde funksionele eenhede en gedragsmanifestasies vorm die essensie van die konstruk LVK. Hierdie funksionele eenhede en gedragsmanifestasies vorm die basis van die bydrae wat LVK tot die konsepprogram gemaak het (kyk Bylae A, Deel II).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| OUTEURS | TABEL 4.4.1.2: GEDRAGSMANIFESTASIES VAN EGOSTERKTE | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | STRES- EN FRUSTRASIE-TOLERANSIE | UITSTEL VAN BEHOEFTE-BEVREDIGING | DOELWIT-BEREIKING | MINIMUM GEBRUIK VAN VERDEDIGINGS-MEGANISMES | SELFSTANDIGE FUNKSIONERING EN AKTIEWE LEWENS-INGESTELDHEID | KALMTE EN BEDAARD-HEID | SELF-BEHEERSING | BESTENDIGHEID IN WAARDES, HOUDINGS EN BELANGSTELLINGS | OORDEEL, SOEPELHEID EN AANPAS-BAARHEID |
| Barron (1953) | | | ✱ | | | | | | ✱ |
| Cattell (1957) | ✱ | ✱ | | | | ✱ | ✱ | ✱ | |
| Jourard (1963) | ✱ | | ✱ | ✱ | | | | | ✱ |
| Bellak & Goldsmith (1984) | ✱ | | | ✱ | ✱ | | | ✱ | ✱ |
| Miller (1987) | ✱ | | | | ✱ | | | | ✱ |
| Beres in Perry, Viglione & Braff (1992) | ✱ | | | | | | | | |
| **TOTAAL** | 5 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 4 |

<u>KONSTRUK: EGOSTERKTE</u>

3.5.3 LVK binne die begrensing van die medebepalende aspekte van die sisteem

Gilmore (1978) het bevind dat die teoretiese kompleksiteit van die konstruk alleenlik gereflekteer word wanneer 'n persoon se LVK tesame met ander faktore en versterkings in ag geneem word. Hierdeur het hy erkenning daaraan gegee dat 'n verskeidenheid van aspekte 'n beïnvloedende of medebepalende rol by sisteme se LVK speel.

Elke sisteem word begrens deur die biologiese realiteite daarvan. Die persoon se geslag, ras, ouderdom, fisiese gesondheid, ensovoorts, speel 'n medebepalende rol in die funksionering van die persoon. Daar is egter nie net die biologiese begrensing wat die sisteem moet *hanteer* en waarbinne 'n sisteem kan floreer nie, maar ook verskeie ander aspekte wat die persoon kan beïnvloed. Hier ter sprake is aspekte soos die wet, kulturele taboes, seksisme, diskriminasie, ensovoorts. *Nader* aan die persoon self kan aspekte soos sy intellektuele ontwikkelingsvlak, lewenservarings, ensovoorts, in hierdie verband genoem word.

'n Persoon se kontrolefunksie toon 'n natuurlike geneigdheid om met ouderdom toe te neem. Sisteme se LVK is met ander woorde ook gekoppel aan 'n fisiese ontwikkelingskomponent, naamlik kronologiese ouderdom. Die werke van Lefcourt (1982); Rotter (1966) en White (1957) kan in hierdie verband ook vergelyk word.

3.5.4 Konstrukte van die persoonlikheidstruktuur

LVK val binne die groter konteks van intrapsigiese funksionering. Binne die persoonlikheidstruktuur van 'n sisteem kan verskeie **konstrukidees** onderskei word. So byvoorbeeld het Phares (1984) die aard van die persoonlikheidstruktuur met die multidimensionele karakter van 'n diamant vergelyk. Soos die diamant uit verskeie vlakke bestaan wat in samehang met mekaar die diamant vorm, kan verskeie aspekte in die persoonlikheistruktuur onderskei word. Die aspekte word *konstrukte*

genoem vir doeleindes van hierdie studie. Alhoewel hierdie konstrukte aanduibaar/onderskeibaar is, is hulle nie skeibaar nie. Die konstrukte staan in wederkerige verhouding tot mekaar. Gevolglik beïnvloed hulle mekaar, sowel as die intrapsigiese funksionering in geheel. 'n Paar van hierdie konstrukidees is LVK, egosterkte, individualiteit, sosialiteit, ingesteldheid tot selfaktualisasie, ingesteldheid tot selfgelding, religieuse ingesteldheid, ensovoorts.

3.5.5 Interpsigiese prosesse van die sisteem

Sisteme funksioneer nie alleenlik op 'n intrapsigiese vlak nie, maar moet ook binne die raamwerk van eksterne eise kan funksioneer. Hieroor het Minuchin (1974, 4-5) gesê: "I am myself plus my circumstances" en "this sector of circumstantial reality forms the other half of my person". Interpsigiese prosesse is ter sprake wanneer persone in verhouding met hulle relevante sosiale kontekste geplaas word. Hierdie prosesse kan beskryf word deur die sirkulêre patrone en rekursiewe verbindings wat dit tot gevolg het. Die prosesse word gereguleer deur die ontvang en gee van terugvoer. Hierdie prosesse beïnvloed persone ook intrapsigies. Dié kontekste sluit die gesin, skool, kerk, werk en vriendekring in. Alhoewel dit nie altyd 'n medebepalende effek op persone het nie, vorm dit die omstandigheidsrealiteite waarbinne die sisteme moet funksioneer.

Ter verduideliking: Die mens funksioneer binnne 'n verskeidenheid van kontekste, byvoorbeeld in sy gesinsverband en by sy werk. Die gesin kan byvoorbeeld minder struktuur openbaar met 'n gepaardgaande verlies aan kontrole, terwyl die persoon weer binne die konteks van sy werk meer struktuur en kontrole ervaar. Vanweë die aard van die terugvoerproses en die rol wat dit speel in die instandhouding van sisteme, sal die persoon beïnvloed word deur die konteks en ander sisteme waaraan hy blootgestel word en andersom. Kortliks gestel - die een *smeer aan die ander af.* Die persoon wat funksioneer in situasies waar ander persone oorwegend

gebalanseerde kontrole handhaaf, sal waarskynlik soortgelyke kontrole openbaar.

3.5.6 Samevatting van die verskillende invalshoeke

Deur die verskillende invalshoeke waaruit die **konstrukidee** bespreek is, word dit duidelik dat 'n persoon se **kontrolefunksie** slegs 'n funksionele *deel* vorm van sy/haar funksionering. Dit blyk ook dat hierdie *deel* opsigself bestaan uit 'n aantal interafhanklike dele (byvoorbeeld die persepsie van kontrole, deursettingsvermoë, doelwitingesteldheid, ensovoorts). LVK het dus 'n multidimensionele aard.

LVK vorm ook deel van 'n multidimensionele **komponent** van funksionering, naamlik die **persoonlikheidstruktuur**. Hierdie komponent sluit konstrukte soos LVK, egosterkte, ensovoorts, in. Die konstrukte vorm in wisselwerking met mekaar 'n unieke geheel van persoonlikheidsfunksionering.

Dit laat die persoon op 'n volgende vlak funksioneer, in samehang met **ander komponente** (byvoorbeeld die sosiale, religieuse en kulturele komponente), **determinante** (byvoorbeeld die fisiese eienskappe van die persoon, ontwikkelingsrealiteite, ensovoorts) en **kontekste** (byvoorbeeld die konteks van die skool, kerk, werk en gesinsverband). Die *dele* wat nie 'n medebepalende effek het nie, het tenminste 'n beïnvloedende effek op die ander dele.

'n Vergelyking kan tussen LVK as deel van 'n sisteem se funksionering en die werking van 'n kaleidoskoop gemaak word. Sekere dele is die vaste eienskappe daarvan, byvoorbeeld die spieëls en die silinder. Hierdie eienskappe bepaal die aard en aantal posisies wat die glasstukkies kan inneem. Terselfdertyd laat die briljantheid van die glasstukkies die sigbaarheid van die silinder en spieëls verdwyn. Die glasstukkies het ook

'n invloed op mekaar, sodat 'n verskuiwing van 'n enkele glasstukkie die totale patroon kan verander. Die patroon van die kaleidoskoop kan daarom wissel as veranderings van buite en binne die kaleidoskoop, die glasstukkies se posisies beïnvloed. Tog bly die kaleidoskoopsisteem in sy wese selfkorrigerend en balans word deurentyd bewerk deur die bydraes van die verskillende dele. Die werking van die kaleidoskoop verwys dus na die heersende en voortgesette organisasie van al die dele wat daarby betrokke is. Dit geld ook vir LVK en al die aspekte wat by die vergestalting daarvan betrokke is.

LVK kan dus vanuit 'n sistemiese perspektief beskryf word as *'n dinamiese multidimensionele konstruk wat deel vorm van die persoonlikheidstruktuur van 'n psigiesfunksionerende sisteem, wat in samehang met verskeie aspekte soos, onder andere, die struktuurgedetermineerdheid, konstrukte, komponente, situasies, kontekste en invloede van binne en buite tot uitdrukking kom in die kontrolefunksies van daardie sisteem.*

## 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk vorm die sisteembenadering die agtergrond waaruit die LVK-idee ondersoek, ontleed en saamgevat word. Dit blyk dat LVK op 'n kontinuum funksioneer en dat die *gesonde* uitdrukking hiervan ten opsigte van balans, matigheid en akkommodering moet wees. Dit is belangrik dat persone se kontrolefunksies goed gedefinieer word en dat hulle 'n soepelheid ten opsigte van die *aanwending* daarvan ontwikkel. Die mate en aard van kontrole behoort altyd in verhouding tot die situasie aangebied te word.

Om LVK gebalanseerd aan te wend, is dit noodsaaklik om die *dele* waaruit dit bestaan te ken. Hierdie *dele* word beskryf deur 'n aantal funksionele gedragseenhede en bepaalde gedragsmanifestasies. Die kontrolekonstruk vorm saam met ander konstrukte (soos egosterkte) die persoonlikheidstruktuur van 'n persoon. Soos wat LVK 'n saamgestelde konstruk is, bestaan meeste van die

ander konstrukte ook uit onderskeibare *dele*. Hierdie *dele* en die konstrukte self is voortdurend onderwerp aan prosesse van terugvoer en beïnvloeding. Dit vorm dus die psigiese funksioneringskomponent van persone en beïnvloed persone op gedragsvlak.

Dit is ook belangrik om in ag te neem dat die manifestering van persoonlike kontrole begrens word deur aspekte wat mense medebepaal, soos byvoorbeeld fisiese en intellektuele ontwikkeling. Mense staan ook in verhouding met ander mense en moet binne 'n verskeidenheid van situasies en kontekste kan funksioneer. Hierdie verhoudings en veranderende kontekste kan ook 'n invloed uitoefen op persone se funksionering en daarom ook op die manifestering van hulle kontrolefunksies.

# HOOFSTUK 4

# EGOSTERKTE VANUIT 'N SISTEMIESE PERSPEKTIEF

## 4.1 INLEIDING

Die standpunt dat 'n sterk ego een van die vereistes is vir, asook 'n aanduider is van gesonde persoonlikheidsfunksionering, word minstens binne die sielkunde sterk ondersteun (Barron, 1953; Cernovsky, 1984). 'n Persoon met 'n sterk ego is hiervolgens in staat om so op te tree dat sy/haar behoeftes bevredig word, maar op so 'n wyse dat dit konformeer met persoonlike en sosiaal-aanvaarbare standaarde van gedrag. 'n Redelike mate van egosterkte is volgens voorstanders noodsaaklik vir 'n persoon om sy/haar gedrag tot 'n mate objektief/realisties te kan waarneem, insig te kan ontwikkel en indien nodig, aanpassings te kan maak om bogenoemde standaarde van gedrag te kan handhaaf. Verder word voorgehou dat egosterkte 'n persoon se hanteringsmeganismes onder stres versterk (Burns, 1991) en 'n aanduider van sielkundige gesondheid is (Barron, 1953; Cernovsky, 1984;).

Terapeute in die sosiale wetenskappe word dikwels gekonfronteer met 'n kliënt se wanbalans in eienskappe wat onder die term egosterkte verstaan word. Die uitbou van egosterkte, om sodoende 'n stabiele identiteit by 'n persoon te verseker, is dikwels een van die terapeutiese doelwitte (Burns, 1991). Die sosiale wetenskappe is nie net op terapeutiese doelwitte ingestel nie, maar lê ook sterk klem op voorkoming. Veral uit gesondheidsliteratuur oor die sielkunde word afgelei dat voorstanders van die waarde van egosterkte die aanname maak dat die breë populasie voordeel kan trek, indien alle persone oor 'n redelike egosterkte beskik. Genoemde is een van die redes waarom die navorsers besluit het om die bepaalde studie te onderneem. Die doel van hierdie navorsing is om die data oor die konstruk egosterkte so te orden en te ontwikkel dat dit 'n bydrae kan lewer tot die samestelling van 'n hulpmiddel om gesonde persoonlikheidsfunksionering te bevorder. Hierdie hulpmiddel kan opvoeders in genoemde verband help.

Die oorhoofse doel van hierdie navorsing is om 'n sensitiseringshulpmiddel, wat wyd toepasbaar is in verskillende opvoedkundige situasies, daar te stel. Gegewe bogenoemde meen die navorsers dat die aard van die hulpmiddel hom verleen om vanuit die sistemiese denkraamwerk ontwikkel te word. Binne hierdie raamwerk is die hulpmiddel ontwikkel in ooreenstemming met bepaalde stappe wat Keeney (1983) beskryf het. Hy noem hierdie stappe ***die proses van dataformasie*** (kyk Hoofstuk 2). Hy verdeel hierdie proses in drie ordes van betekenisgewing. Die eerste orde van betekenisgewing verskaf die riglyn waarvolgens die literatuur in hierdie hoofstuk ontwikkel is. Dit is gedoen by wyse van kennisname en ordening van bestaande gesaghebbende literatuur oor die onderwerp. Hierdie proses behels ook die weergee van verskeie intersubjektiewe betekenisse oor die idee van egosterkte. Die konstruk van egosterkte sal gevolglik in hierdie hoofstuk deurlopend vanuit die sisteembenadering beredeneer word. Vir eers is dit sinvol om 'n konteks te skep waarbinne die konstruk beredeneer kan word deur aandag te skenk aan ander sielkundige perspektiewe.

## 4.2 EGOSTERKTE VANUIT VERSKEIE SIELKUNDIGE PERSPEKTIEWE

Die doel van hierdie afdeling is om die huidige stand van egosterkte vanuit verskeie sielkundige benaderings te reflekteer. Sodoende word 'n konteks geskep waarbinne die konstruk van egosterkte as komponent van die hulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering ontwikkel kan word. Alhoewel nie alle benaderings in die sielkunde gedek word nie, sal sinvolle bydraes vanuit psigo-analitiese perspektief, die ontwikkelingsperspektief en die sistemiese perspektief beskryf word.

### 4.2.1 Psigo-analitiese perspektief

Die psigo-analitiese perspektief word as vertrekpunt gebruik omdat Freud die eerste persoon was wat sy idees oor die ego op skrif gestel het (Freud, 1938). Hy het die psige van 'n persoon in drie dele verdeel, naamlik die id, ego en superego. Die ego word beoordeel in terme van sterkte of swakheid van sekere gedragsmanifestasies. Freud het die rol van die ego

beklemtoon deur te sê dat 'n sterk ego manifesteer in die vermoë om teenstrydige eise tussen die id en die superego te versoen. Verder neem die ego realiteit waar en word gedragspatrone geselekteer en verwerp. Die ego is verantwoordelik vir leer asook vir die beheer en onderdrukking van impulse. Die ego is die agent vir kognitiewe gedrag en die skepper van 'n eie struktuur. Dit behels dat die ego as bemiddelaar optree tussen ander twee dele van die persoon se psige naamlik die id en superego. Die vermoë van die ego word beïnvloed deur die doelmatigheid of toereikendheid van die persoon se opvoeding.

Die id is gesetel in die onderbewuste en bestaan uit biologies oorgeërfde instinkte wat tot uiting kom in die seksuele drang of *libido* en in 'n aggressiewe drang, naamlik die doodsinstink of *thanatos*. Die id funksioneer volgens die plesierbeginsel, wat neerkom op 'n behoefte aan onmiddellike bevrediging van alle drange sonder om rekening te hou met die eise wat die realiteit of die omgewing aan die individu stel.

Die superego weer, verwys na die morele kode, die ideale en taboes wat as gevolg van ouers se opvoeding geïnternaliseer word. Die id se drange moet dus nie alleen volgens realiteite nie, maar ook binne die morele eise van die samelewing bevredig word.

Die bydrae van Freud se insigte lê daarin dat hy 'n sleutelrol aan die ego toegesê het waarin dit duidelik word dat die ego 'n integrerende en behoudende rol speel in die psige van die mens. Verder word uit Freud se beskrywing van die ego afgelei dat die ego uit onderskeibare eienskappe bestaan. 'n Volgende bydrae is dat hierdie eienskappe in gedrag manifesteer en by sommige persone meer toereikend as by ander kan wees. Laastens is van belang dat Freud die *sterkte* van die ego direk koppel aan die doelmatigheid of toereikendheid van die persoon se opvoeding.

Die psigo-analitiese perspektief ten opsigte van die belangrikheid van opvoeding, word uitgebrei deur te verwys na die werke van Guntrip (1973) en Corsini en Wedding (1989). Die genoemde outeurs het verskeie studies van gesaghebbende outeurs vanuit die psigo-analitiese perspektief saamgevat. In hierdie samevatting word op die langtermyn-ontwikkeling van die kind, met egosterkte as komponent van sy ontwikkeling, gefokus. Die basis van egosterkte word hiervolgens gevorm deur die identifikasie van die baba met sy moeder (primêre versorging). Daarna speel die identifikasie met die pa en ander betekenisvolle persone 'n belangrike rol in die bevordering en ontwikkeling van die hele persoonlikheid (egosterkte word hierby ingesluit).

Guntrip (1973) het in uitbreiding van bogenoemde daarop gewys dat die individu nie in isolasie ontwikkel nie. 'n Persoon het 'n omgewing nodig wat hom/haar verstaan, ondersteun en toelaat om te ontwikkel. Die psigo-analiste erken dat 'n gemiddelde voorspelbare omgewing, asook 'n toereikende moederfiguur, noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid (dus onder andere ook egosterkte) by 'n kind.

Die bydraes van Guntrip (1973) en Corsini en Wedding (1989) is as volg:

- Eerstens word die belangrikheid van die opvoeder, ouers sowel as ander betekenisvolle persone, beklemtoon
- Tweedens kan die toereikendheid van die opvoeder 'n kwaliteitsverskil aan die persoonlikheidsontwikkeling van die betrokke persoon maak.

Die psigo-analitiese bydrae tot die ontwikkeling van die hulpmiddel word as volg saamgevat:

- Die ego is 'n belangrike komponent van die persoonlikheid
- Die ego bestaan uit onderskeibare eienskappe en funksies
- Die ego kan gestimuleer word deur 'n proses van ontwikkeling

* Die toereikendheid van die opvoeder speel 'n belangrike rol ten opsigte van die *kwaliteit* van die ego.

### 4.2.2 Ontwikkelingsperspektief

Seifert en Hoffnung (1987) het menslike ontwikkeling gedefinieer as langtermyn, kwaliteit veranderings. Hulle het ook die patrone van hierdie veranderings wat voortduur deur 'n persoon se lewe nagevors. Erikson (1968) het ontwikkeling volgens die epigenetiese beginsel beskryf, naamlik dat ontwikkeling op 'n holistiese wyse plaasvind. Volgens Erikson vind ontwikkeling stapsgewys plaas deurdat elke stadium van ontwikkeling 'n krisis inhou wat deurgewerk moet word. Wat die ideaal betref, beteken dit dat optimale ontwikkeling tydens elke stadium plaasvind indien die persoon daarin slaag om die betrokke ontwikkelingskrisis ouderdomstoepaslik op te los. Erikson (1968) maak die aanname dat elke mens oor positiewe eienskappe soos hoop, wilskrag, doelgerigtheid, bekwaamheid, betroubaarheid, liefde, sorgsaamheid en wysheid beskik. Elke persoon openbaar dit op verskillende wyses, afhangende van sy/haar ouderdom, geslag, sosiale en kulturele agtergrond, ensovoorts.

Erikson het die bestaan van die ego erken en volgens hom vind die ontwikkeling van die ego deur die epigenetiese proses plaas. Hierdie proses gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n bepaalde mate van egosterkte en ander persoonlikheidseienskappe by die individu. Alhoewel die fases in die epigenetiese proses nie in elke ontwikkelingstadium noodwendig *suksesvol* afgehandel word nie, fasiliteer vroeëre suksesse ook suksesvolle afhandeling van latere fases. Erikson praat in hierdie verband van spontane herstel van ontwikkelingsfoute en/of –agterstande.

Dit is dus hiervolgens moontlik vir 'n persoon wat in vroeër stadiums ontwikkelingsprobleme ervaar het, om tog in latere stadiums optimaal te ontwikkel. Bogenoemde vermoë tot spontane herstel hou juis die

moontlikheid in dat 'n positiewe ingreep in enige ontwikkelingsfase positief op die individu kan inwerk. Voorts verwys Erikson ook na die ontwikkelingsgang in elke mens se lewe en dat ontwikkeling kumulatief van aard is. 'n Ingreep (soos die beoogde hulpmiddel) op enige ontwikkelingstadium kan dus 'n persoon beter toerus en bemagtig.

Die belang van Erikson se ontwikkelingsteorie vir hierdie navorsing lê veral in sy idees van spontane herstel en dat ontwikkeling kumulatief van aard is. Die program moet so ontwikkel word dat dit van waarde sal wees vir alle persone, afgesien van die ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer en afgesien van hulle psigiese welstand. Die hulpmiddel moet verder aansluit by die kumulatiewe aard van ontwikkeling.

### 4.2.3 Sistemiese perspektief

Die persoonlikheidsontwikkeling van die mens is vanuit die sisteembenadering 'n resultaat van die interaksie (binne die beperkings en moontlikhede) wat mag bestaan tussen die betrokke sisteme. Persone se ontwikkeling word ook beïnvloed deur die sosiale en ander kontekste wat hulle bepaalde omstandigheidsrealiteite vorm. Verskeie komponente (byvoorbeeld fisiese, psigiese, sosiale, kulturele en religieuse komponente) speel verder 'n belangrike rol in die vorming van die konstrukte (soos egosterkte, lokus van kontole, ensovoorts) wat in die persoonlikheid onderskei kan word. Hierdie konstrukte is in wisselwerking met mekaar. Die egosterkte-konstrukidee om persoonlikheidsfunksionering daar te stel, kan deel hiervan vorm.

Die bydrae van die sistemiese perspektief tot die studie is drieledig:

- Eerstens vind die navorsers aansluiting by bogenoemde perspektief deurdat opvoeding as belangrik vir die sisteem in die ontwikkelingsproses van die persoonlikheid beskou word. Die fokus van die hulpmiddel moet dus wees op opvoeders om 'n bydrae te

maak tot die toerusting wat hul nodig het in hul belangrike opvoedingstaak.

* Tweedens word ag geslaan op die sistemiese verwysing na die invloed van konteks op persoonlikheidsontwikkeling. Elke mens word gekonfronteer met 'n verskeidenheid van opvoedkundige kontekste, wat soos genoem, 'n direkte bydrae kan maak tot hul persoonlikheidsontwikkeling. Die hulpmiddel moet dus in verskeie opvoedkundige kontekste toegepas kan word.
* Derdens moet die idee dat persoonlikheidsfunksionering tot stand kom deur die wisselwerking van 'n verskeidenheid konstrukte in die hulpmiddel gereflekteer word.

Uit Afdeling 4.2 is verskeie sinvolle bydraes vanuit verskillende sielkundige perspektiewe verkry. Hierdie bydraes is nie alleenlik rigtinggewend in die daarstel van die hulpmiddel nie, maar verseker ook dat die hulpmiddel 'n sinvolle bydrae in die huidige tydgleuf tot die sielkunde in die breë maak. In die volgende afdeling word daar meer spesifiek na die sistemiese uitgangspunte gekyk, aangesien dit die denkraamwerk vorm waarbinne die sensitiseringshulpmiddel ontwikkel sal word.

## 4.3 SISTEMIESE UITGANGSPUNTE

Die plasing van egosterkte binne sistemiese konteks noodsaak dit om te let op bepaalde sistemiese uitgangspunte. Die toepaslike uitgangspunte sal vervolgens bespreek word.

'n Sisteem kan gedefinieer word as enige twee of meer dele wat op so 'n wyse met mekaar in verband staan dat verandering in enige deel van die sisteem, enige van die ander dele ook kan affekteer (Hanson, 1995). Elke deel of komponent van die sisteem medebepaal elke ander komponent en word weer medebepaal deur al die ander komponente van die sisteem. Daar is dus 'n sirkulêre oorsaaklikheid (Keeney, 1983). Die idee is dat egosterkte 'n komplekse stel funksies en/of gedragsmanifestasies is, wat dus nie in isolasie binne die individu

gevorm word nie. Die mate van egosterkte wat by 'n sisteem aanwesig is, is die gevolg van 'n hele aantal prosesse wat in kombinasie oor 'n periode van tyd plaasvind. Dit is 'n fyn netwerk van interaksies, insette en uitsette, deur die ontwikkelingsgang van 'n persoon binne die intrasisteem en tussen die intersisteme. Die mate waartoe die individu in staat is om toepaslik en relevant te funksioneer, kan 'n aanduiding wees van die mate van egosterkte, wat weer 'n bydrae kan lewer tot gesonde persoonlikheidsfunksionering.

'n Sisteem funksioneer op verskillende vlakke, naamlik op:

- Mikrovlak, byvoorbeeld wanneer in interaksie met gesinslede, vriende, ensovoorts
- Mesovlak, byvoorbeeld wanneer in interaksie met persone by die skool, werk, ensovoorts
- Makrovlak, byvoorbeeld wanneer in interaksie met persone in ekonomiese, politieke, opvoedkundige en kulturele situasies.

Interaksie tussen sisteme vind op al die verskillende vlakke plaas. Hierdie vlakke kan horisontaal gelyk, of vertikaal ongelyk, in kompleksiteit, abstraksie en hiërargie wees. Reeds tydens die vroeë ontwikkelingsfases van 'n sisteem, vind die sisteem se interaksie op al die genoemde vlakke plaas. Die interaksies op 'n bepaalde vlak kan 'n invloed hê op die interaksies op ander vlakke. Hiervolgens veronderstel die navorsers dat as egosterkte binne 'n sisteem versterk word, dit moontlik kan deurwerk na ander sisteme waarmee die aanvanklike sisteem, op welke vlak ookal, in interaksie is.

Deur die sensitisering van persoonlikheidskonstrukte soos egosterkte (of lokus van kontrole en ander) by opvoeders, kan 'n moontlike verhoging in die vlak van persoonlikheidsfunksionering aan die hand gewerk word. Die vlak van persoonlikheidsfunksionering van sisteme beïnvloed die milieu waarin die sisteme funksioneer, wat weer op hul beurt die ander sisteme beïnvloed (sirkulêre oorsaaklikheid).

Die sistemiese uitgangspunt van inset en uitset is ten opsigte van die studie ook van belang. Inset behels energie, inligting en/of terugvoer wat uit die omgewing (of van 'n ander subsisteem) kom en deur die sisteem (of ander subsisteem) opgeneem word. Deur die ontwikkelingsgang van 'n sisteem en deur 'n proses van opvoeding ontvang die sisteem insette uit sy/haar omgewing of van ander sisteme. Hierdie insette, positief of negatief, word deur die sisteem opgeneem en geïntegreer. Uitset omvat energie, inligting en/of terugvoer wat deur die sisteem (of een subsisteem) aan die omgewing (of 'n ander subsisteem) gelewer word. Die sisteem op sy/haar beurt lewer dus deur sy/haar interaksies uitsette aan die omgewing of ander sisteme, wat dan weer 'n invloed op hulle het. Sodoende kan die beoogde hulpmiddel invloed hê op die kwaliteit van insette en uitsette wat uitgeruil word tussen sisteme en die omgewing.

Die sistemiese uitgangspunt van ekwifinaliteit, naamlik dat daar vanuit verskillende vertrekpunte tot dieselfde eindpunt gekom kan word, is hier van belang en kan veral deur opvoeders gebruik word. Die uitgangspunt kom daarop neer dat sensitisering wat hier en nou gemaak word, veranderings kan teweeg bring, omdat die meeste opvoedkundige situasies oop sisteme is en nie deur oorspronklike toestande of voorwaardes begrens word nie (Haley, 1980). Bogenoemde sou 'n program soos wat die navorsers beoog enige tyd relevant maak. Die intervensie sou dus in enige opvoedkundige situasie van betekenis kan wees sonder om beperk te word.

Die uitgangspunt van ekwifinaliteit het ook die vryheid aan die navorsers verleen om twee selfstandige persoonlikheidskonstukte vir dieselfde doelstelling aan te wend, naamlik om 'n hulpmiddel te ontwikkel wat gesonde persoonlikheidsfunksionering kan aanhelp. Hiermee saam het die twee konstrukte as korrelaat vir mekaar gedien, aangesien daar ten spyte van twee onafhanklike vertrekpunte (egosterkte en lokus van kontrole) tot 'n ooreenstemmende resultaat gekom is (funksionele gedragseenhede en gedragsmanifestasies).

Die egosterktekonstruk sal omskryf word met inagneming van die sistemiese uitgangspunte. Die funksies van egosterkte sal eerstens deur die omskrywing onderskei word en daarna word die gedragsmanifestasies van sodanige funksies uitgelig.

## 4.4 OMSKRYWING VAN DIE KONSTRUK EGOSTERKTE

In die omskrywing van die egosterktekonstruk is dit belangrik om te verwys na die bydrae wat Freud gelewer het, aangesien sy bydrae as basis dien waaruit ander navorsers hulle idees ontwikkel het. Freud het gepraat van egofunksionering. Die egofunksionering verwys na prosesse wat bemiddeling tussen die omgewingseise en innerlike eise medebepaal. Dit sluit in beide die aanpassing by die omgewing en die innerlike prosesse. Die term is deur ander navorsers oorgeneem en aan die hand van 'n aantal funksies/eienskappe gegroepeer (Bellak & Goldsmith, 1984; Beres in Perry & Viglione, 1991; Perry, Viglione & Braff, 1992). Die funksies word in verband gebring met toepaslike, relevante aksies en reaksies van die individu, ook genoem effektiewe funksionering. (Egosterkte, egofunksionering en effektiewe funksionering word vir doeleindes van hierdie navorsing as sinonieme gebruik.)

Die aard van die bestaande literatuur het hierdie afdeling gerig in terme van 'n reflektering op die *funksionele gedrag*, waardeur die ego manifesteer. Daar sal dus in hierdie afdeling 'n kritiese bespreking vanuit die sisteembenadering, ten opsigte van die reeds geïdentifiseerde funksionele gedrag, plaasvind.

Freud (1938) se siening in hierdie verband word vervolgens bespreek. Hy het die volgende vier funksies aan die ego toegedeel:

i. Die ego maak 'n bydrae tot die ontwikkeling van gesonde verhoudings met ander
ii. Die ego is verantwoordelik vir die regulering en kontrolering van konflik
iii. Die ego maak waarneming van realiteit en die selektering van gedragspatrone moontlik
iv. Die ego dien as agent van kognitiewe gedrag.

Die eerste funksie van die ego, soos deur Freud beskryf, word vanuit die sistemiese perspektief as waardevol beskou, aangesien egofunksionering betrokke is by 'n verhoudings- en 'n ontwikkelingskomponent. Die leemte is egter daarin dat die verhoudings waarna Freud verwys, grootliks ten opsigte van 'n een-tot-een situasie is en nie die konteks en omstandighede van sodanige verhouding in ag neem nie. Die werk van Minuchin (1974) kan, vanuit die sistemiese perspektief, ter aanvulling van hierdie leemte as waardevol beskou word. Volgens hom is die mens nie isoleerbaar van sy konteks nie, met ander woorde, elke sisteem funksioneer binne 'n bepaalde konteks. Die konteks waarbinne persone hul bevind, het 'n direkte invloed op hul egofunksionering. Wedersydse beïnvloeding tussen sisteme en konteks vind voortdurend plaas. Outeurs wie se idees direk of indirek by hierdie teorie van Freud oor egofunksie aansluiting vind, is Barron (1953), Cattell (1957), Jourard (1963), Nixon en Kanak (1982), Bellak en Goldsmith (1984), Plug, Meyer, Louw en Gouws (1979), Burns (1991), Gahlaut, Srivastava en Rastogi (1993).

Die tweede funksie van die ego volgens Freud, naamlik die regulering en kontrolering van konflik, lewer 'n positiewe bydrae in die sin dat hy die ego as basis van emosionele stabiliteit beskryf het. Freud het hierdie insig ontwikkel vanuit 'n patologiedenkraamwerk en dit word dus in sistemiese verband as eng beskou. Tog het dit die weg gebaan vir 'n balanshandhawende vermoë om aan die ego toegedig te kon word. Die kritiek vanuit die sistemiese benadering op hierdie bydrae van Freud is dat die *balansfunksie* van die ego nie net intern aan die sisteem is nie, maar ook 'n funksie van sisteme en sisteme-en-omgewing is. So ontstaan 'n mens-omgewingspassing en kan homeostase tot stand kom (Barron, 1953; Cattell, 1957; Jourard, 1963; Nixon & Kanak, 1982; Bellak & Goldsmith, 1984; Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1979; Burns, 1991; Gahlaut, Srivastava & Rastogi, 1993).

Die derde egofunksie wat Freud beskryf is die waarneming van realiteit en selektering van gedragspatrone. Hierdie substansiële bydrae dig 'n verantwoordelikheidskarakter aan die egofunksionering toe deurdat die ego nie

alleenlik die sisteem in staat stel om realiteitstoetsing te doen nie, maar ook om toepaslike gedrag te genereer. Die enigste kritiek vanuit die sistemiese oogpunt is dat Freud realiteit as absoluut beskou. Sistemies word realiteit beskou as relatief tot die individu. Hiervolgens is elke sisteem se realiteit sy/haar unieke konstruksies (Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Beres in Perry, Viglione & Braff, 1992).

Die vierde funksie soos deur Freud beskryf, naamlik dat die ego as 'n agent van kognitiewe gedrag optree, is sinvol in die sin dat die ego gekoppel word aan die kognitiewe funksies van 'n sisteem deurdat die ego meehelp om toepaslike kognisies te genereer. Sistemies is die tekortkoming by Freud se siening dat egofunksionering nie alleen kognisies bepaal nie. 'n Verskeidenheid van idees kan vanuit ander invalshoeke gegenereer word, wat tot verdere insigte oor kognitiewe gedrag kan lei. Freud se bydrae is een van vele moontlike idees (Barron, 1953; Jourard, 1963; Nixon & Kanak, 1982; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Burns, 1991).

Die bespreking van die vier egofunksies wat Freud daargestel het, toon duidelik dat sy werk as basis gedien het vir ander outeurs wat bydraes op die gebied van egofunksionering gemaak het. Die *basisfunksies* wat Freud daargestel het, tesame met ander outeurs se egofunksies, word in kombinasie as die funksies van egosterkte gebruik (kyk Tabel 4.4.1.1). Egosterkte sal met hierdie basis voorhande in die volgende afdeling omskryf word aan die hand van 'n kombinasie van egofunksies, wat bepaalde gedragsmanifestasies soos deur ander outeurs beskryf, tot gevolg het.

### 4.4.1 Die funksies en gedragsmanifestasies van egosterkte

Egosterkte word dikwels beskryf aan die hand van die vlak van toepaslike, relevante uitvoering van 'n aantal funksies of kombinasie van funksies. Die kombinasie van funksies word gemeet deur die aanwesigheid van sekere gedragsmanifestasies (Freud, 1946; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Ittenbach & Harrisson, 1990; Burns,

1991; Perry, Viglione & Braff, 1992). Hierdie funksies en gedragsmanifestasie vorm die basis van die bydrae wat egosterkte tot die konsephulpmiddel gemaak het (kyk Bylae A, Deel II).

4.4.1.1 Die funksies van egosterkte

Die funksies van egosterkte word weergegee deur relevante bydraes van verskeie outeurs te beskryf en te orden. Hierdie outeurs steun meestal op empiriese navorsingsresultate om hulle idees as gesaghebbend te vestig. Sodanige literatuur sal opgesom en georden word. Hierdie proses vorm die eerste-orde-betekenisvlak van die dataformasieproses (kyk Hoofstuk 2), sodat die onderliggende verbande en ooreenkomste aangedui en die funksies gegroepeer kan word.

Nadat die bestaande navorsing en literatuur bestudeer en georden is, het dit duidelik geword dat die meeste navorsers na funksies en gedragsmanifestasies verwys wanneer hulle die konstruk egosterkte bespreek. Hierdie navorsing het die funksies (Tabel 4.4.1.1) en die gedragsmanifestasies (Tabel 4.4.1.2) geskei, ter wille van duidelikheid en ook om tiperingsfoute te vermy. Egosterkte word dus beskou aan die hand van gedragsmanifestasies, wat saam as funksies gegroepeer kan word. Die funksies wat te make het met egosterkte (Tabel 4.4.1.1) word vervolgens bespreek.

**Versoening**: Dit is die vermoë om teenstrydige eise tussen die id en die superego op so 'n wyse te versoen dat die persoon op 'n bevredigende wyse binne sy/haar omgewing kan funksioneer (Freud, 1938).

**Wilskrag**: Wilskrag stel 'n persoon in staat om sy/haar gedrag en woorde te kan analiseer om onnodige angs te voorkom. Dit is dus die vermoë om angsvolle situasies te kan hanteer (Gahlaut, Sirvastava & Rastogi, 1993).

**Sin van identiteit**: Dit is die persoon se vertroue dat hy/sy 'n sinvolle bydrae kan maak, met ander woorde dat hy/sy hul plek in die samelewing kan volstaan (Barron, 1953; Miller, 1987; Ittenbach & Harrisson, 1990).

**Hanteringsmeganismes**: Die beskikbaarheid van hanteringsmeganismes stel 'n persoon in staat om meeste situasies te kan hanteer. Gevolglik word onnodige angs vermy en kan daar by die meeste moeilike en stresvolle situasies aangepas word (Miller, 1987; Burns, 1991; Beres in Perry, Viglione & Braff, 1992; Gahlaut, Srivastava & Rastogi, 1993).

**Integrering**: Dit is die vermoë om teenstrydighede van die lewe (met ander woorde diskrepante aspekte in jouself en ander te integreer). Verder is dit die vermoë om toleransie met jou eie en ander se tekortkominge of andersheid te hê (Cattell, 1957; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Ittenbach & Harrison, 1990; Beres in Perry, Viglione & Braff 1992).

**Emosionele kontrole**: Hierdie eienskap staan in verband met emosionele stabiliteit en die vermoë om emosionele terugslae te kan oorkom. Dit is dus 'n persoon se emosionele herstelvermoë en dui op 'n emosionele volwassenheid (Cattell, 1957; Nixon & Kanak, 1982; Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1979; Gahlaut, Srivastava & Rastogi , 1993).

**Aanpasbaarheid**: 'n Goeie aanpassingsvermoë het te make met 'n persoon se kapasiteit om by sy/haar omgewing op 'n bevredigende wyse aan te pas (Barron, 1953; Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Ittenbach & Harrisson, 1990; Burns, 1991).

**Doelwitbereiking**: Dit handel oor die stel van doelwitte en die visualisering van sukses. Verder het dit te make met die vermoë om planne te maak en daarmee vol te hou met die doel om sukses te behaal (Barron, 1953; Jourard, 1963).

**Sin van vaardigheid**: 'n Sin van vaardigheid behels dat 'n persoon die verwagting het dat hy/sy suksesvol sal kan wees (Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987).

**Balans**: Hierdie vermoë stel 'n persoon in staat om balans tussen sy/haar eie behoeftes en begeertes en die eise van die wêreld (moreel en sosiaal) te kan handhaaf (Freud, 1938).

**Effektiwiteit**: Dié funksie dui op die vermoë om effektiwiteit en akkuraatheid te maksimaliseer (Miller, 1987; Burns 1991).

**Realiteitstoetsing**: Dit is 'n persoon se vermoë om sy/haar wêreld waar te neem soos dit is, asook om gedrag en die implikasies of gevolge van beoogde gedrag te antisipeer (Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Beres in Perry, Viglione & Braff, 1992).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| OUTEURS | TABEL 4.4.1.1: FUNKSIES VAN EGOSTERKTE | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VERSOE-NING | WILS-KRAG | SIN VAN IDENTI-TEIT | HANTERINGS MEGANISME | INTEGRE-RING | EMOSIONELE KONTROLE | AANPAS-BAARHEID | VINDINGRYK-HEID | SIN VAN VAARDIG-HEID | BALANS | EFFEK-TIWITEIT | REALITEITS-TOETSING |
| Freud (1938) | ✸ | | | | | | | | | ✸ | | |
| Barron (1953) | | | ✸ | ✸ | | | ✸ | ✸ | | | | |
| Cattell (1957) | | | | | | ✸ | | | | | | |
| Jourard (1963) | | | | | | | ✸ | | | | | ✸ |
| Nixon & Kanak (1982) | | | | | | ✸ | | | | | | |
| Bellak & Goldsmith (1984) | | | | | ✸ | | ✸ | | ✸ | | | ✸ |
| Miller (1987) | | | ✸ | ✸ | ✸ | | ✸ | | ✸ | | ✸ | ✸ |
| Plug, Meyer & Gouws (1979) | | | | | | ✸ | | | | | | |
| Ittenbach & Harrison (1990) | | | ✸ | | ✸ | | ✸ | | | | | |
| Burns (1991) | | | | ✸ | | | ✸ | | | | ✸ | |
| Beres in Perry, Viglione & Braff (1992) | | | | | ✸ | | | | | | | ✸ |
| Gahlaut, Sirvastara & Rastog (1993) | | ✸ | | ✸ | | | | | | | | |
| TOTAAL | 1 | 1 | 3 | 4 | 4 | 3 | 6 | 1 | 2 | 1 | 2 | 4 |

KONSTRUK: EGOSTERKTE

4.4.1.2 Die gedragsmanifestasies van egosterkte

Die funksies van egosterkte manifesteer in bepaalde gedragsaksies/gedragsmanifestasies. Hierdie gedragsmanifestasies is in 'n wederkerige verhouding georganiseer en interafhanklik van mekaar, sodat gedragspatrone tot stand kom. Verder is die gedragspatrone onderling afhanklik van mekaar, met die gevolg dat al die interaksionele patrone meer/anders is as die som van die kwaliteit van die gedragsmanifestasies en/of gedragspatrone afsonderlik (Corsini & Wedding, 1989; Hanson, 1995). Dit hang ook af van 'n spesifieke situasie, of van die sosiale konteks, watter gedragspatrone op die voorgrond tree. Elke situasie stel 'n ander eis aan die sisteem, wat tot gevolg het dat gedragspatrone gedurig in wisselwerking met mekaar is. Die volgende gedragsmanifestasies kan met egosterkte in verband gebring word (Tabel 4.4.1.2):

**Stres- en frustrasietoleransie** beteken om doelgerig 'n aktiwiteit vol te hou ten spyte van stres, frustrasies, behoeftes en emosies sonder dat 'n persoon se gedrag gedisorganiseerd raak (Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987; Beres in Perry, Viglione & Braff, 1992).

**Uitstel van behoeftebevrediging** het te make met die gedrag om onmiddellike behoeftebevrediging uit te stel, verantwoordelikhede na te kom en nie geneig te wees om tou op te gooi nie (Cattell, 1957).

**Vindingrykheid** is die vermoë om effektief planne te maak, daarmee vol te hou en sodoende doelwitte te bereik (Barron, 1953).

**Minimum gebruik van verdedigingsmeganismes** beteken dat 'n persoon oor die nodige hanteringsmeganismes beskik om die meeste situasies te hanteer en daarom nie nodig het om van

verdedigingsmeganismes gebruik te maak nie (Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984).

**Selfstandige funksionering en 'n aktiewe lewensingesteldheid** reflekteer in 'n persoon se vaardighede, werkroetines, belangstellings en stokperdjies. So 'n persoon is daarop ingestel om sy/haar vaardighede uit te brei en om sy/haar omgewing te bemeester (Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987).

**Kalmte en bedaardheid** word veral sigbaar wanneer 'n persoon moeilike of stresvolle situasies moet hanteer. Sodanige persoon raak nie maklik in argumente en probleemsituasies betrokke nie (Cattell, 1957).

**Selfbeheersing** by 'n persoon word daaraan gekenmerk dat so 'n persoon in staat is om sekere kontroles oor sy/haar emosionele behoeftes uit te oefen (Cattell, 1957).

**Bestendigheid in waardes, houdings en belangstellings** beteken dat 'n persoon nie wisselvalligheid oor tyd openbaar nie (Cattell, 1957; Bellak & Goldsmith, 1984).

**Oordeel, soepelheid en aanpasbaarheid**: Oordeel is om bewustelik die toepaslikheid van gedrag te beoordeel, asook om die gevolge van gedrag te antisipeer. Soepelheid het daarmee te make dat 'n persoon besef dat sy/haar emosies en persepsies nie die enigste of noodwendig die korrekte is nie. Aanpasbaarheid gaan daaroor dat, indien gedragspatrone oneffektief is, die persoon gedragsaanpassings moet kan maak (Barron, 1953; Jourard, 1963; Bellak & Goldsmith, 1984; Miller, 1987).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.5.2: FUNKSIES VAN LVK TESAME MET DIE OUTEURS DAARVAN

| FUNKSIONELE GEDRAGSEENHEDE | OUTEURS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fromm 1955 | Phares 1976 | Gillmore 1978 | Kobosa 1979/1982 | Antonovsky 1982 | Lefcourt 1982 | Rosenbaum 1990 | Strumpfer 1991 |
| 1. Persepsie van kontrole | ✸ | ✸ | ✸ | ✸ | ✸ | ✸ | ✸ | ✸ |
| 2. Produktiewe oriëntasie | ✸ | ✸ | | | | ✸ | | |
| 3. Kreatiewe ingesteldheid | | ✸ | ✸ | | | ✸ | | |
| 4. Selfsiening | | | ✸ | | | | | |
| 5. Interpersoonlike verhoudings | | ✸ | ✸ | | | | | |
| 6. Persoonlike beheer | | | ✸ | | | ✸ | | |
| 7. Deursettingsvermoë | | | ✸ | | | ✸ | | |
| 8. Doelwitingesteldheid | | ✸ | | | | | | |
| 9. Standvastigheid | | ✸ | | | | | | |

4.4.1.3 Samevatting

Tydens die ontleding van die konstruk egosterkte is funksies en gedragsmanifestasies daarvan geïdentifiseer en beskryf. 'n Vereenvoudigde beeld het sodoende tot stand gekom wat die indruk kan laat dat egosterkte bloot 'n reeks of lys van funksies en gedragsmanifestasies is. Die egofunksionering by 'n sisteem is egter 'n komplekse kombinasie van en/of interaksie tussen en binne die funksies en daaruitspruitende gedragsmanifestasies. Dit is dus moontlik dat verandering in een van die funksies of gedragsmanifestasies al die ander funksies of gedragsmanifestasies kan affekteer. Bogenoemde kompleksiteit kan verklaar waarom verskillende outeurs op verskillende aspekte van egosterkte fokus. Hierdie aspek van kompleksiteit het die huidige navorsers gemotiveer om vanuit die sistemiese benadering te werk.

4.4.2 DIE INTERAKSIONELE WERKING VAN DIE FUNKSIES EN GEDRAGSMANIFESTASIES


Die werking van funksies en gedragsmanifestasies kan vanuit verskillende invalshoeke belig word. Egosterkte vorm deel van 'n multidimensionele komponent van die persoonlikheidstruktuur van 'n sisteem. Hierdie komponente is gedurig in wisselwerking en vorm die unieke persoonlikheidstruktuur. Die persoonlikheidstruktuur is weer in wisselwerking met ander sisteme en die kontekste waarbinne die sisteem funksioneer.

**Invalshoek 1**

Egosterkte bestaan uit 'n aantal funksies wat manifesteer in sekere gedragsmanifestasies. Die interaksionele aard van die funksies en gedragsmanifestasies laat gedragspatrone tot stand kom. Hierdie interaksionele aard van egosterkte kan skematies voorgestel word as 'n wiel met speke. Hierdie speke vorm die raam waarom die wiel draai. Die

verskillende gedragsmanifestasies van egosterkte vorm die speke van die wiel. Goeie werking van al die speke saam maak die wiel sterk. Indien een van die speke sou verswak of breek, word meer druk op al die ander speke geplaas om dieselfde vlak van funksionering te handhaaf. Indien meer as een van die speke nie werk nie, sou dit die sisteem se vermoë om effektief te funksioneer, ernstig aantas. Dieselfde kan van egosterkte gesê word ten opsigte van die sisteem se vermoë om effektief te funksioneer en daardeur die individu in staat te stel om meer weerbaar te wees teenoor negatiewe stressors.

Die interaksionele aard van die gedragsmanifestasies (kyk Tabel 4.4.2.1) van egosterkte kan skematies soos volg voorgestel word:





Figuur 4.4.2.1: Egosterkte

**Invalshoek 2**

Egosterkte val binne die groter konteks van psigiese funksionering. Saam met die werking van ander psigologiese komponente vorm dit die psigiese funksioneringsvlak van die sisteem. Voorbeelde van bogenoemde komponente is sosialiteit en lokus van kontrole. Die interaksie tussen die komponente het 'n invloed op mekaar en op die psigiese funksionering in geheel.

Dit kan soos volg voorgestel word:





Figuur 4.4.2.2: Psigiese funksionering

**Invalshoek 3**

Bogenoemde psigiese funksionering vorm saam met die fisiese-, sosiale-, kulturele- en religieuse funksionering en ander, die individu of die sisteem. Hierdie komponente is soos al die ander interafhanklik van mekaar en beïnvloed mekaar en die geheel. Die bepaalde kontekste waarbinne die sisteem hom/haar bevind het 'n invloed op die psigiese funksionering van die sisteem.

Dit kan soos volg voorgestel word:





Figuur 4.4.2.3: Sisteem

**Invalshoek 4**

Volgens Minuchin (1974) bestaan die menslike ervaring van identiteit nie net uit 'n sin van apart wees of individueel wees nie, maar ook uit 'n sin van behoort aan. Die sisteem behoort ook aan groter sosiale kontekste soos byvoorbeeld die gesin, skool, werk, gemeenskap en kerk, wat sy/haar sosiale sisteme vorm. Verder is daar ook nog die sisteem se verhoudings met ander sisteme soos man, vrou, kind, ouer, kollega en vriend. Hierdie groter sosiale sisteem vorm die omstandigheidsrealiteite van 'n sisteem, waarsonder hy of sy nie ten volle hom- of haarself kan wees en integreer nie. Hierdie komplekse sosiale sisteem beïnvloed die intra-psigiese lewe van elke sisteem. Daar vind 'n wederkerige beïnvloeding tussen 'n sisteem, ander sisteme en die sosiale sisteem plaas (Bateson, 1979; Hoffman, 1981).

Hierdie komplekse proses kan as volg skematies voorgestel word:




Figuur 4.4.2.4: Die kompleksiteit van 'n sisteem se interaksies

Hierdie navorsing is daarop gerig om opvoeders in die breë sosiale kontekste te sensitiseer en te bemagtig ten opsigte van kennis oor sekere psigiese konstrukte. Hierdeur kan opvoeders dan binne hulle kontekste weer sisteme bemagtig deur die aanleer van lewensvaardighede, waaruit hierdie psigiese konstrukte bestaan.

Deur bogenoemde sensitisering en bemagtiging kan die navorsing opvoeders se kennis, uitgangspunte en paradigmas beïnvloed, wat weer hul proses van waarneming beïnvloed, dus hul epistemologie beïnvloed (Bateson, 1979; Keeney, 1983). Hier vind dus 'n kubernetiese sirkelgang plaas, wat opvoeders se kennis en prosesse van kennisversameling, en die oordra daarvan beïnvloed. Die effek van bogenoemde proses is dat die interaksie of verandering wat in die konteks plaasvind, die individu en groep bemagtig of bewus maak, asook die geheel beïnvloed.

4.4.3 Polarisering van egofunksionering

Vanuit die tradisionele sielkunde word die gedragsmanifestasies van egofunksionering beoordeel in terme van sterkte of swakheid en word daar tradisioneel na verwys in terme van *egosterkte* en *lae egosterkte*.

Deurdat toetsbatterye (insluitende 16-Persoonlikheidsfaktor-vraelys, Minnesota Multiphasic Personality Inventory, Self-evaluation Questionnaire en/of andere) so gebruik word dat egofunksionering gepolariseer word tussen sterk en swak, het dit die konstruk 'n eng beeld gegee. Die konstruk word in die huidige literatuur egosterkte genoem wat 'n teenpool tot swakheid impliseer. Vanuit die sisteembenadering is hierdie gepolariseerde beeld en verskraling van die konstruk 'n probleem. Dit gaan nie primêr oor sterk- of swak egofunksionering nie, maar oor die bewussyn dat daar egofunksies is, dat hierdie funksies aangeleer kan word

en dat die soepelheid van hierdie funksies in verskillende en veranderlike omstandighede aangewend kan word.

'n Verdere punt van kritiek in die gebruik van gepolariseerde egosterkte (egofunksionering) is dat die aanname gemaak word dat 'n lae telling in alle omstandighede ongewens is en 'n hoë telling in alle omstandighede gewens is. Die huidige navorsers is van mening dat 'n te hoë egosterkte telling in sekere omstandighede ongewens kan wees. Dit kan 'n persoonlikheidsfunksionering van 'cast iron'/rigiditeit openbaar. Dit gaan oor wisselwerking ter wille van balans eerder as sterk of swak egofunksionering.

Bogenoemde insigte waartoe die navorsers gekom het behoort sterk in die samestelling van die hulpmiddel te figureer deurdat die fokus moet val op die funksies en gedragsmanifestasies (met ander woorde vaardighede) in teenstelling met sterktes en swakhede.

## 4.5 <u>'N PRAKTIESE VOORBEELD WAT VERBAND HOU MET DIE EGOSTERKTEKONSTRUK</u>

In die volgende afdeling sal 'n praktiese voorbeeld voorgehou word waarin gedragsmanifestasies beskryf word wat 'n verwantskap toon met egosterkte. Jay van Deventer, 'n 26-jarige hangsweefvlieënier het in moeilike omstandighede bepaalde sterktes aan die dag gelê wat hom gehelp het om 'n krisisfase in sy lewe sinvol te hanteer (Fagan, 1997). 'n Verskeidenheid van *sterktes* kan onderskei word in sy hantering van sy persoonlike krisis.

Jay ('n ervare sportman) het een oggend tydens 'n sweefvlugsprong hom misgis met die lugstrome en 20 meter grond toe geval. Sy beserings was veelvuldig en die gevolgtrekking was dat hy waarskynlik nooit weer sport sou beoefen nie. Die kans was goed dat hy sy been sou verloor en dat sy totale lewenskwaliteit daardeur beïnvloed sou word. Ten spyte van die swaard wat oor sy kop gehang het, het hy baie gou homself teen die nuus gestaal en homself voorgeneem dat hy

weer sou vlieg. Jay se herstelperiode was veel korter as wat verwag is en hy het na nege maande reeds weer gevlieg. Ten spyte van verskeie terugslae wat hy in hierdie periode moes verduur, het hy nooit sy droom om weer te vlieg laat verlore gaan nie.

Die sterktes wat Jay geopenbaar het, koppel sterk met die egosterkte konstruk, maar kan waarskynlik ook met ander soortgelyke konstrukte 'n verwantskap toon. Vervolgens sal die gedrag wat sy innerlike sterktes weerspieël, opsommenderwys weergegee word:

| JAY SE ***INNERLIKE STERKTE GEDRAG*** | VERWANTSKAP MET EGOSTERKTE |
|---|---|
| * Jay se eerste reaksie was om 'n vaste besluit te neem dat hy hierdie terugslag sal oorwin en weer sal vlieg | * Neem van persoonlike beheer en verantwoordelikheid<br>* Doelwitstelling |
| * Hy het nie alleenlik volhard met die voorgeskrewe mediese behandeling nie, maar ook 'n addisionele oefenprogram gevolg. Alhoewel hy hierdie program verantwoordelik en versigtig toegepas het, het hy geweier om moed op te gee. | * Volharding/stamina<br>* Neem van verantwoordelikheid<br>* Selfbeheersing<br>* Persoonlike beheer<br>* Realiteitstoetsing |
| * Jay was ook in staat om wyer as sy huidige realiteite te kyk. Hy het besef dat die sport sweefvlieg onvoldoende formele veiligheidsmaatreëls het. In hierdie tyd van fisiese herstel het hy ook sy aandag gewy aan die opstel van 'n opleidingsprogram wat laasgenoemde sou aanspreek. Terselfdertyd stig hy die eerste Suid-Afrikaanse skool vir sweefvlieërs.<br>* Sukkelend op krukke was hy 'n bondel energie wat sy studente geleer en aangemoedig het. Hoewel die stig en bedryf van die opleidingskool as sterk motivering gedien het was sy ideaal steeds om self te vlieg. Sy uitgangspunt of leuse was dat sy geloofwaardigheid as opleier gekoppel is aan sy voorbeeld as vlieënier. | * Kognitiewe kontrole<br>* Sosiale verantwoordelikheid<br>* Verantwoordelikheid<br>* Produktiewe ingesteldheid<br>* Motivering<br>* Positiewe selfsiening<br>* Doelwitoriëntasie/volharding<br>* Doelgerigtheid<br>* Deursettingsvermoë<br>* Realiteitstoetsing |
| * Agt maande na die ongeluk was die mediese ingrepe afgehandel. Jay se spiere en gewrigte was egter styf en onbruikbaar. Met tipiese entoesiasme en volharding het hy ure in die gimnasium deurgebring om sy ledemate te versterk. | * Deursettingsvermoë<br>* Doelgerigtheid |
| * Presies nege maande na sy ongeluk het Jay sy eerste sprong gewaag. Hierdie was die begin van 'n groter, meer waagmoedige plan. Sy volgende doelwit was om die eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Kampioenskap aan te bied en ook daaraan deel te neem. Ten spyte van sy vertroue dat hy dit sou kan doen het hy terugslae beleef, maar steeds bly glo dat hy sy doelwitte sou verwesenlik. | * Waagmoed<br>* Doelwitoriëntasie<br>* Visualiseer sukses<br>* Volharding |
| * Ongeag die las wat hy met 'n enkel ondervind het, het hy volhard met die nastreef van sy droom. Hierdie droom het hy verwesenlik sonder dat hy eer vir homself toegeeïen het. Hierna het Jay verskeie kere die Suid-Afrikaanse kampioenskap gewen en sy land internasionaal verteenwoordig. | * Volharding<br>* Doelwitbereiking |

Jay se herstel het die aanvanklike mediese diagnose en verwagting oortref. 'n Logiese afleiding wat gemaak kan word uit hierdie artikel wat verskyn het, was dat Jay se persoonlike ingesteldheid en vermoë tot fisiese volharding 'n betekenisvolle bydrae tot sy herstelproses gelewer het. Jay se verhaal kan dien as 'n voorbeeld van 'n persoon met innerlike sterktes wat 'n sterk verwantskap met eogsterkte toon.

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die konstruk van egosterkte. Die konstruk is gedefinieer en vanuit die sisteembenadering krities bespreek. Die funksies en gedragsmanifestasies vanuit die literatuur is vergelyk en samevattend bespreek. 'n Praktiese voorbeeld sluit die hoofstuk af.

AFDELING B

HOOFSTUK 5

# GROEPERING VAN LVK EN ES IN NUWE PATROONKATEGORIEë

## 5.1 INLEIDING

In hierdie studie word gefokus op die idee van egosterkte (ES) en lokus van kontrole (LVK) as konstrukte wat bydra tot gesonde persoonlikheidsfunksionering by die mens. In die voorafgaande hoofstukke is uit die bestaande literatuur gedemonstreer dat beide konstrukte in terme van 'n aantal funksionele gedragseenhede beskryf kan word. Hierdie funksionele eenhede is sigbaar in bepaalde gedragsmanifestasies. Die gegroepeerde gedragsmanifestasies of funksionele eenhede vorm die populêre idee van elkeen van die twee konstrukte. Uit die funksies word afleidings gemaak rakende die struktuur van elkeen van die konstrukte. Wedersydse, gesamentlike/gedeelde manifestasies werk ondersteunend en versterkend mee tot 'n meer akkurate indruk (idee) van die totale persoonlikheidsfunksionering van die mens.

Die navorsers het gevind dat daar ooreenstemmende aspekte in sommige van die gedragsmanifestasies voorkom, asook presiese passings. 'n Paar verskille word ook aangetoon. Anders gestel, bied die konsensuele idees (ooreenstemmende idees en presiese passings) tesame met die diverse idees (verskille) 'n beeld van potensieël gesonde persoonlikheidsfunksionering.

Die navorsers meen dat die genoemde gedragsmanifestasies die basis vir 'n sensitiseringshulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering kan vorm. In hierdie hoofstuk neem die gedragsmanifestasies 'n nuwe dimensie aan, deur die frekwensies (konsensus) van verskillende gedragsmanifestasies of die blote teenwoordigheid (diversiteit) daarvan te groepeer in terme van die individuele en interaksionele patrone wat voorkom. Aspekte wat herhaaldelik voorkom is deur 'n proses van beredenering ingedeel by die *nuwe* funksionele eenheid waar dit die

sterkste spreek. Hierdeur is die generiese eienskappe van die betrokke funksionele eenheid verhoog. Sodoende word herhalende temas saamgevat in versamelende idees oor gesonde persoonlikheidsfunksionering. Hierdie *nuwe* (herskape) funksionele eenhede sal vervolgens, ten opsigte van hoe dit op gedragsvlak sigbaar raak, bespreek word.

## 5.2 TWEEDE-ORDE-ONTLEDING: HERGROEPERING EN HERSKEPPING

Die data van hierdie hoofstuk word deur tweede-orde-ontleding ontwikkel. Hierdie proses behels die hergroepering en herskepping van die gegroepeerde data soos uit Hoofstuk 3 (LVK) en Hoofstuk 4 (ES) verkry.

As vertrekpunt is dit belangrik om te verwys na die datatransformasieproses soos Keeney (1983) dit beskryf, naamlik dat behalwe die individuele bydrae van elke konstruk, die twee konstrukte in 'n jukstaposisie staan. Dit behels die bykomstige beskrywing van patrone van interaksies tussen die twee konstrukte. Hierdie individuele en interaktiewe patrone vorm, in kombinasie met mekaar, 'n groter siening van persoonlikheidsfunksionering.

Noodwendig kan die rol van die huidige navorsers by hierdie orde sterk na vore kom in die sin dat hul kennis en ervaring, asook hul paradigma (idealisties interpreterend met realisasie in die sisteemteorie) 'n groot rol speel in die uitkoms van die resultate. Die benamings van die nuwe herskape funksionele eenhede was volgens die huidige navorsers se subjektiewe menings 'n logiese uitvloeisel in terme van die beskrywing daarvan. Ander navorsers kan moontlik die inhoud daarvan anders benaam. Die huidige navorsers steun egter op die welbekende standpunt van Bateson dat die benaming van iets (in dié geval funksionele eenhede) nie absoluut is nie, maar eerder 'n poging is om die betekenis wat daaraan geheg word te beskryf (Bateson, 1972). Hierdie indeling/groepering van die individuele en interaktiewe patrone word in Tabel 5.2.1 saamgevat.

Tabel 5.2.1: Groepering van bydraes

LVK = Lokus van kontrole

ES = Egosterkte

| Konstruk | Funksionele eenheid | *Nuwe* herskape funksionele eenheid |
|---|---|---|
| | Konsensuele bydraes | |
| LVK<br>ES | Doelwitingesteldheid<br>Doelwitbereiking | Doelwitbereiking |
| LVK<br>ES | Persoonlike beheer<br>Uitstel van behoeftebevrediging | Persoonlike beheer |
| LVK<br>ES | Persepsie van kontrole<br>Realiteitstoetsing | Realiteitstoetsing |
| ES<br>ES<br>LVK | Oordeel, soepelheid en aanpasbaarheid<br>Hanteringsmeganismes<br>Kreatiwiteit | Buigsaamheid van denke en gedrag |
| ES<br>ES<br>LVK | Wilskrag<br>Emosionele kontrole<br>Deursettingsvermoë | Persoonlike stamina |
| LVK<br>ES | Produktiewe oriëntasie<br>Selfstandige funksionering en aktiewe lewensingesteldheid | Produktiewe ingesteldheid |
| ES<br>ES<br>LVK | Sin van identiteit<br>Sin van vaardigheid<br>Selfsiening | Positiewe selfsiening |
| LVK<br>ES<br><br>ES | Interpersoonlike verhoudings<br>Minimum gebruik van verdedigingsmeganismes<br>Kalm en bedaard | Interpersoonlike effektiwiteit |
| LVK<br>ES | Standvastigheid<br>Balans | Outonomie |
| | Diverse bydraes | |
| ES<br>ES | Integrering<br>Effektiwiteit | Integrasievermoë |

Die *nuwe* funksionele eenhede word vervolgens beskryf in terme van die gedragsmanifestasies waaruit dit opgebou is. Hierdie gedragsmanifestasies sal die akademies gefundeerde basis van die konsephulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering vorm (kyk Bylae A, Deel II).

Tabel 5.2.2: 'n Samevatting van die afsonderlike gedragsmanifestasies van die konsensuele bydraes en diverse bydraes

| Funksionele Eenheid | Gedragsmanifestasies |
|---|---|
| Doelwitbereiking | 1. Beplan kort- en langtermyndoelwitte<br>2. Brei kennis en vaardighede uit om doelwitte te kan bereik<br>3. Wees aktief en positief ingestel<br>4. Visualiseer sukses |
| Persoonlike beheer | 1. Beoordeel onmiddellike behoeftes en indien nodig stel die bevrediging daarvan uit met die oog op groter of langtermynvoordeel<br>2. Kom verantwoordelikhede na |
| Realiteitstoetsing | 1. Neem die wêreld waar soos dit is<br>2. Handhaaf die oortuiging dat, binne gegewe beperkings, die omgewing bemeester en beheer kan word<br>3. Beoordeel die toepaslikheid van gedrag; voorsien die gevolge en implikasies van beoogde gedrag<br>4. Neem innerlike, sowel as eksterne werklikhede waar vir wat dit is<br>5. Identifiseer en gebruik hulpbronne binne die gegewe werklikheid<br>6. Die atmosfeer moet waargeneem en ondervang word<br>7. Evalueer terugvoer uit die omgewing en indien nodig maak die nodige aanpassings op gedragsvlak |
| Buigsaamheid van denke en gedrag | 1. Genereer oplossings en aanpassings op 'n kreatiewe wyse<br>2. Handhaaf die siening dat jou emosies of persepsies nie die enigste, of noodwendig die korrekte, is nie |
| Persoonlike stamina | 1. Lê deursettingsvermoë aan die dag<br>2. Hou doelgerig vol met aktiwiteite ten spyte van stres, frustrasies, behoeftes en emosies, sonder dat jou gedrag gedisorganiseer raak<br>3. Beskou persoonlike pogings en insette as die mees bepalende faktor vir sukses of mislukking |
| Produktiewe ingesteldheid | 1. Wees daarop ingestel om produktief in jou wêreld te leef<br>2. Probeer om jou omgewing te bemeester deur aangeleerde vaardighede, werkroetines, belangstellings en stokperdjies aan te wend en uit te brei<br>3. Wees lewenskragtig in die hantering van dit wat op jou lewenspad kom<br>4. Moenie wegskram van moeilike take en verantwoordelikhede nie |

| | |
|---|---|
| Positiewe selfsiening | 1. Handhaaf 'n sin van vaardigheid deur 'n verwagting van sukses te ontwikkel<br>2. Ontwikkel 'n sin van identiteit deur te glo dat persone oor die nodige vaardighede beskik om die meeste situasies effektief te hanteer<br>3. Beleef die self as toegerus en effektief in die bereiking van doelwitte<br>4. Ontwikkel 'n ingesteldheid om 'n bepaalde ontwikkelingsfase optimaal te deurleef<br>5. Wees ontspanne en minder angstig |
| Interpersoonlike effektiwiteit | 1. Handhaaf interpersoonlike verhoudings van 'n hoë kwaliteit deur negatiwiteit en misverstande te vermy en/of te beperk<br>2. Ontwikkel 'n vermoë tot empatie<br>3. Ontwikkel goeie kommunikasievaardighede<br>4. Glo dat jy oor die nodige hanteringsmeganismes beskik, dan is dit minder nodig om verdedigingsmeganismes te gebruik<br>5. Wend 'n poging aan om kalm en objektief te bly |
| | <u>Diverse bydraes</u> |
| Outonomie | 1. Moenie weerloos staan teen beïnvloeding nie<br>2. Ontwikkel die wil om self besluite te neem<br>3. Handhaaf die beskouing dat jy onafhanklik en outonoom kan funksioneer |
| Integrasievermoë | 1. Ontwikkel die vermoë om die teenstrydighede van die lewe (met ander woorde diskrepante aspekte in jouself en ander) te integreer<br>2. Tolereer jou eie en ander se tekortkomings en/of andersheid |

## 5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is nuwe patroonkategorieë geskep deur bestaande funksionele eenhede in *nuwe* funksionele eenhede te hergroepeer. Hierna is die nuwe eenhede in terme van die waarskynlike gedragsmanifestasies daarvan beskryf. Hierdie vereenvoudigde beskrywings sal gebruik word as die basis van die items vir 'n konsephulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering. Die items van die hulpmiddel word in Bylae C (Deel II) tesame met die koderings daarvan, saamgevat. Die konstrukte waaruit die items ontleen is word ook in die bylae aangetoon.

Deel I in die geheel, met sy uiteensetting en bespreking van die konstrukte LVK en ES, bied die grondbou vir die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering. Hierdie deel van die navorsing is vervat in Deel II van R. Nel, getitel *Die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering*.

BIBLIOGRAFIE

Allport, G.W. (1961). Patterns of growth in personality. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Altshuler, R. & Kassinove, H. (1975). The effects of skill and chance instructional sets, schedule of reinforcement, and sex on children's temporal persistence. Child Development, 46, 258-262.

American Psychological Association (APA) (1981). Publication manual of the American Psychological Association. (3de uitgawe) Washington.

Antonovsky, A. (1982). Health, stress and coping. London: Jossey-Bass.

Antonovsky, A. (1987). Unraveling the mystery of health. San Francisco: Jossey-Bass.

Bailey, K.D. (1978). Methods of social research. New York: Macmillan.

Bandura, A. (1979). A social learning theory. New York: Prentice-Hall.

Barron, F. (1953). Ego strength scale which predicts responses to psychotherapy. Journal of Consulting Psychology, 17(4), 327-330.

Bateson, G. (1972). Steps to an ecology of mind. New York: Ballantine.

Bateson, G. (1979). Mind and nature. A necessary unity. New York: Dutton.

Beck, S.J. & Ollendick, T.H. (1976). Personal space, sex of experimenter and locus of control in normal and delinquent adolescents. Psychological Reports, 38, 383-387.

Bellak, L. & Goldsmith, L.A. (1984). The broad scope of ego function assessment. New York: Wiley.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bielfeld, R.I. (1997). An ecosystemic understanding of the meaning of home: A psychological study. Ongepubliseerde meesterstesis, Departement Sielkunde: Universiteit van Pretoria.

Bothma, A.C. & Schepers, J. M. (1997). The role of locus of control and achievement motivation in the work performance of black managers. Journal of Industrial Psychology, 23(3), 44-52.

Burns, D.P. (1991). Focusing on ego strengths. Archives of Psychiatric Nursing, 5(4), 202-208.

Caplan, G. (1974). Support Systems and community mental health. New York: Behavioural Publications.

Caplan, G. (Ed.) (1961). Prevention of mental disorders in children. New York: Basic Books.

Caplan, G. (1989). Population-oriented psychiatry. New York: Human Sciences Press.

Cattell, R.B. (1957). Personality and motivation structure and measurement. New York: World Book.

Cattell, R.B. & Tatsuoka, M.W. (1980). Handbook for the sixteen personality questionnaire. Champaign institute for personality and ability testing. Illinois: Mifflin.

Cernovsky, Z. (1984). Ego strength scale level and correlates of MMPI elevation: Alcohol abuse versus MMPI scores in treated alcoholics. Journal of Clinical Psychology, 40, 1502-1509.

Chandler, T.A. (1975). Locus of control: A proposal for change. Psychology in the Schools, 12, 334-339.

Cohen, J.M. & Cohen, M.J. (1960). The New Penguin Dictionary of Quotations. England: Viking.

Combrink, J. (1993). Daar is 'n spreekwoord wat sê - uit ander tale en uit Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.

Corsini, R.J. & Wedding, D. (1989). Current psychotherapies. United States of America: F.E. Peacock.

Covey, S.R. (1989). The seven habits of highly effective people. London: Simon & Schuster.

Covey, S.R. (1990). Principle-centered leadership. London: Simon & Schuster.

Cronbach, L.J. (1975). Beyond the two disciplines of scientific psychology. American Psychologist, 30, 116-127.

Dawson, J. (1999). The Turtle Pages. Afgetrek 25 Januarie 1999 van die Wêreldwye Web: http://www.geocities.com/Heartland/Plains/3550/index.html

Donnelly, J.H., Ivancevich, J.M. & Gibson, J.L. (1994). Fundamentals of management. New York: Irwin / Mc-Graw.

Ducette, J. & Wolk, S. (1972). Locus of control and extreme behaviour. Journal of Consulting and Clinical Psychology. 39 (2), 253-258.

Duke, M.P. & Fenhagen, E. (1975). Self-parental alienation and locus of control in delinquent girls. Journal of Genetic Psychology, 127, 103-107.

Eitzen, D.S. (1974). Impact of behavior modification techniques on locus of control of delinquent boys. Psychological Reports, 35, 1317-1318.

Epstein, R. & Komorita, S.S. (1971). Self-esteem, success-failure, and locus of control in Negro children. Developmental Psychology, 4, 2-8.

Erchul, W.P. (Red.) (1993). Consultation in community, school and organizational practice. Washington: Taylor and Francis.

Erikson, E.H. (1968). Identity: Youth and crisis. New York: Norton.

Fagan, M. (1979). Courage of Jay van Deventer. Reader's Digest, 150(898), 25-30.

Felner, R.D., Leonard, A.J., Moritsugu, J.N. & Faber, S.S. (Reds) (1983). Preventive psychology, theory, research and practice. New York: Pergamon Press.

Fiedeldey-Van Dijk, C. (1993). Differentiation as a basis for research methodology: Developing the indingilizi structured observation technique. Doctoral thesis – Department of Psychology: University of Pretoria.

Fiedeldey-Van Dijk, C. (1997). User guidelines for research methodology in the social sciences: An ecosystemic theoretical perspective. In: M. Terre Blanche & J. Kruger (red), The body politic: Proceedings of the 2nd annual South African qualitative methods conference (pp. 183-188). Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Fishman, D.B. (1991). Introduction to the experimental versus the pragmatic paradigm in evaluation. Evaluation and Program Planning, 14, 353-363.

Frank, M. (Red) (1982). Primary prevention for children and families. New York: Haworth Press.

Freud, S. (1938). The transformations of puberty. In A.A. Brill (Red), The basic writings of Sigmund Freud, (p. 604). New York: Norton.

Friedman, M. & Rosenman, R.H. (1974). Type A: Your behavior and your heart. New York: Knopf.

Fromm, E. (1955). The sane society. New York: Rinehart.

Gahlaut, D. Srivastava, V.K. & Rastogi S.W. (1993). A pre and postoperative evaluation of ego strength in neurosurgical and surgical patients. Indian Journal of Clinical Psychology, 20(2), 119-121.

Gilmore, T. (1978). Locus of control as a mediator of adaptive behavior in children and adolescents. Canadian psychological review. 19(1), 1-26.

Groenewald, A.E. (1995). Toeriste se belewenisse van waterlandskappe in die Nasionale Krugerwildtuin: 'n Ekosistemiese studie. Ongepubliseerde meersterstesis. Departement Sielkunde: Universiteit van Pretoria.

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. (1989). Fourth generation evaluation. London: Sage.

Gudykunst, W.B. & Kim. Y.Y. (1984). Methods for intercultural communication research. London: Sage.

Guntrip, H. (1973). Psychoanalytic theory, therapy and the self. New York: Basic Books.

Haley, J. (1980). Leaving home. New York: McGraw-Hill.

Hanson, B.G. (1995). General systems theory beginning with wholes. Canada: Taylor & Francis.

Hayes, R. (1995) Colour in Media. Afgetrek 21 Januarie 1999 van die Wêreldwye Web: http://www/rcc/ryerson.ca/schools/rta/brd038/papers/1995/rhayes.htm

Hoffman, L. (1981). Foundation of family therapy. New York: Basic Books.

Ittenbach, R.F. & Harrison, P.L. (1990). Predicting ego strength from problem solving ability of college students. Measurement and Evaluation in Counseling and Development, 23, 128-136.

Janoski, M.L. (1984). The ecosystemic perspective in clinical assessment and intervention. In W.A. O'Connor & B. Lubin (Ed.), Ecological approaches to clinical and community psychology (pp. 41-56). New York: John Wiley & Sons.

Jourard, S.M. (1963). Personal adjustment and approach through the study of healthy personality. London: The Macmillon.

Kane, R.P. (1982). The family role in primary prevention. In M. Frank (Ed.), Primary prevention for children and families (pp. 27-34). New York: Haworth Press.

Keeney, B.P. (1983). Aesthetics of change. New York: Guilford.

Kendall, P.C., Finch, A.J. & Mahoney, J. (1976). Factor specific differences in locus of control for emotionally disturbed and normal children. Journal of Personality Assessment, 40, 42-45.

Kluckholn, C. & Murray, H.A. (1948). Personality in nature, society and culture. New York: Knopf.

Kobasa, S.C. (1982). Commitment and coping in stress resistance among lawyers. Journal of Personality and Social Psychology. 42, 707-717.

Kobasa, S.C. (1979). Stressful life events, personality and health: An inquiry into hardiness. Journal of Personality and Social Psychology. 37, 1-11.

La Montagne, L.L. & Hepworth, J.T. (1991). Issues in the measurement of children's locus of control. Western Journal of Nursing Research, 13(1), 67-83.

Lefcourt, H.M. (1982). Locus of control: Current trends in theory and research. (2de uitgawe). Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum.

Levenson, H. & Miller, J. (1976). Multidimensional locus of control in sociopolitical activists of conservative an liberal ideologies. Journal of Personality and Social Psychology, 33, 199-208.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Eds.) (1992). Analysis of dynamic and psychological systems: Basic approaches to general systems, dynamic systems, and cybernetics. New York: Plenum Press.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Eds.) (1992). Analysis of dynamic and psychological systems: Methods and applications. New York: Plenum Press.

Lifshitz, M. (1973). Internal-external locus of control dimension as a function of age and the socialization milieu. Child Development, 44, 538-546.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. (1985). Naturalistic inquiry. London: Sage.

Louw, D.A. (1990). Menslike Ontwikkeling. (2de uitgawe). Pretoria: HAUM.

Maddi, S. (1980). Personality theories: A comparative analysis. Homewood: Dorsey Press.

Masterpasqua, F. & Perna, P.A. (Eds.) (1997). The psychological meaning of chaos. Translating theory into practice. Washington, D.C.: APA.

McMullin, E. (1974). Two faces of science. Review of Metaphysics, 27(6), 267-285.

Miller, S.B. (1987). A comparison of methods of inquiry. Bulletin of the Menninger Clinic. A Journal for the Mental Health Professions, 51(6), 505-518.

Millon, T. (1973). Theories of psychopathology and personality. Philadelphia: Saunders.

Minuchin, S. (1974). Families and family therapy. London: Travistock.

Mischel, W. (1976). Introduction to personality. New York: Holt, Rinehart en Winston.

Muller, P., Claassen, G. & Van Tonder, M. (1983). Die Groot Afrikaanse Aanhalingsboek. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nahemow, I. & Mann, G. (1982). Primary prevention interventions with families that have young children: Theory and practice. In M. Frank (Ed.), Primary prevention for children and families (pp. 13-19). New York: Haworth Press.

Nehrke, M.F., Bellucci, G. & Gabriel, S.J. (1978). Death anxiety, locus of control and life satisfaction in the elderly: toward a definition of ego integrity. Omega, 8(4), 359-368.

Nixon, S.J. & Kanak, N.J. (1982). Ego strength and methods of learning associations. Bulletin of the Psychonomic Society, 19(4), 205-208.

Patton, M.Q. (1990). Qualitative evaluation and research methods. Newbury Park: Sage.

Perry, W., Viglione, D. & Braff, D. (1992). The ego impairment index and schizophrenia: A validation study. Journal of Personality Assessment, 59(1), 165-175.

Perry, W. & Viglione D. (1991). The ego impairment index as a predictor of outcome in melancholic depressed patients treated with tricyclic antidepressants. Journal of Personality Assessment, 56(3), 487-501.

Phares, E.J. (1976). Locus of control in personality. New Jersey: General Learning Press.

Phares, E.J. (1984). Introduction to personality. Ohio: C.E. Merrill.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1979). Psigologie woordeboek. (2de uitgawe). Johannesburg: McGraw-Hill.

Price, R.H., Ketterer, R.F., Bader, B.G. & Monahan, J. (1980). Prevention in mental health. Beverly Hills: Sage Publications.

Reid, D.W. (1984). Participatory control and the chronic-illness adjustment process. In Lefcourt, H.M. (Red.). Research with the locus of control construct, 3, 361-389. Orlando, FL: Academic Press.

Reimanis, G. (1974). Effects of locus of reinforcement control modification procedures in early graders and college students. Journal of Educational Research, 68, 124-127.

Rosenbaum, M. (Red.) (1990). Learned resourcefulness. New York: Springer.

Rotter, J. (1975). Some problems and misconceptions related to the construct of internal versus external control of reinforcement. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 43, 56-67.

Rotter, J.B. (1966). Generalized expectancies for internal versus external control of reinforcement. Psychological Monographs, 80(1), whole no. 609, 1-28.

Sanford, N. (1970). Issues in personality theory. San Francisco: Jossey-Bass.

Schmidt, L. & Hunter, J.E. (1998). The validity and utility of selection methods in personnel psychology: Practical and theoretical implications of 85 years of research findings. Psychological Bulletin, 124(2), 262-274.

Schorr, D. & Rodin, J. (1984). Motivation to control one's environment in individuals with obsessive-compulsive, depressive and normal personality traits. Journal of Personality and Social Psychology, 46, 1148-1161.

Seifert, K.L. & Hoffnung, R.J. (1987). Child and adolescent development. Boston: Houghton Mifflin.

Sharpe, D.T. (1974). The Psychology of Color and Design. Chicago: Nelson-Hall.

Shneiderman, M.V. (1988). Empirical studies of procedures for forming group expert judgements. Moscow: Plenum.

Shore, M.F. Milgram, N.A. & Malasky, C. (1971). The effectiveness of an enrichment program for disadvantaged young children. American Journal of Orthopsychiatry, 41, 442-449.

Simpson, J.A. & Weïner, E.S.C. (1989). The Oxford English Dictionary. (2de uitgawe). Oxford: Clarendon Press.

Smit, G.J. (1981). Psigometrika. Pretoria: HAUM.

Stewart van Leeuwen, M.S. (1985). The person in psychology. London: Inter-Varsity Press.

Strickland, B.R. (1973). Delay of gratification and internal locus of control in children. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 40, 338.

Strumpfer, D.J.W. (1991, March). Self-direction. University of Cape Town, Cape Town. Extracted from: Stumpfer, D.J.W. (1988, September). Salutogenesis: A new paradigm. Paper presented at annual congress, Psychological Association of South Africa, Bloemfontein.

Strumpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: from *salutogenesis* to *fortigenesis*. South African Journal of Psychology, 25(2), 81-87.

Sykes, W. (1990). Validity and reliability in qualitative market research: A review of the literature. Journal of the Market Research Society, 32, 289-328.

Tyler, J.D. & Holsinger, D.N. (1975). Locus of control differences between rural American Indian and white children. Journal of Social Psychology, 95, 149-155.

Wagener, J.L. & Taylor, S.E. (1986). What else could I have done? Patients' responses tot failed treatment decisions. Health Psychology, 5, 481-496.

Watzlawick, P., Weakland, J. & Fisch, R. (1974). Change: Principles of problem formation and problem resolution. New York: Norton.

White, R.W. (1957). Adler and the future of ego psychology. Journal of Individual Psychology, 13, 112-124.

Zytkoskee, A., Strickland, B.R. & Watson, J. (1971). Delay of gratification and internal versus external control among adolescents of low socio-economic status. Developmental Psychology, 4, 93-98.